Die Voortrekkers

“Voortrekkerkommando aan die werk”

Mei 2007 - Konsep 5

Voorwoord

Al die volwassenes in die Voortrekkerkommando moet saam werk om van die Voortrekkerkommando ‘n suskes te maak. Dit is beslis nie die werk van een of twee persone nie maar wel ‘n grootste spanpoging. Elkeen se bydrae, hoe gering ook al, sal maak dat die energie wat ingesit tot

Almal is tog so bewus van die Springbok rugbyspan wat nou al reeds vir meer as ‘n 100 jaar rugby speel. Elke jaar moet elke lid van die span maar ook die span as geheel weereens baie hard werk om die betrokke jaar sukses te behaal. Tog maak hulle ook foute en verloor wedstryde maar dan word daar weer hard gewerk om van die volgende wedstryd ‘n sukses te smaak.

In die Voortrekkerkommando gaan dit werklik ook so. Soms is ‘n kommando gelukkig om uitmuntende spelers in al die poste te hê en werk die kommando as span baie goed saam. Sodra een of meer spelers onttrek kan daar dalk beter spelers in plek kom maar soms word die spelers se posisie in die span moeilik aangevul. Die ander lede van die span moet dan in hulle posisies die spel laat vorder deur beter spel todat die verlore posisie weer goed aangevul is.

Die Voortrekkers hoop dat hierdie dokument almal wat as volwassene betrokke gaan wees sal help om die taak met lekkerkry klaar te kry. Ondersteun mekaar, leer van mekaar, bid vir mekaar en vra die Hemelse vader om julle elke dag te onderskraag in julle aktiwiteite.

Lukas de Kock
Hoofsekretaris
Mei 2007

1. INLEIDING 4
2. WAAROM NOG VOORTREKKERS? 4
3. VOLWASSENES IS DEEL VAN ‘N SPAN 9
4. VOORTREKKERS AS DEEL VAN DIE GEMEENSKAP 13
5. BEELD EN PERSEPSIE VAN DIE VOORTREKKERS 16
6. LEDEWERWING en BEHOUD 19
7. BEPLANNING 22
8. ROL VAN ELKE VOLWASSENE 24
9. FINANSIES 34
10. ADMINISTRASIE/DOKUMENTASIE/ARGIEF (Die Kommandokantoor!) 37
11. OPLEIDING VAN VOLWASSENES VAN VOORTREKKERKOMMANDO 38
12. HULPMIDDELS BESKIKBAAR IN VOORTREKKERKOMMANDO 40
13. ERKENNING 42
14. KOMMUNIKASIE-NETWERK 44
15. VERGADERINGS 46
16. DIE JEUGLID IN DIE VOORTREKKERKOMMANDO 47

1. INLEIDING

Die Voortrekkerkommando is Die Voortrekkers se instrument in die gemeenskap om al die lede van Die Voortrekkers geleentheid te bied om daadwerklik ‘n verskil in die gemeenskap te maak.

Elke Voortrekkerkommando moet absoluut suksesvol bestuur word en diegene wat aan stuur van sake staan moet moeite doen om die inhoud van hierdie publikasie deur te werk. Die bedoeling hiervan is om aan elke Voortrekkerkommando genoegsame leiding te gee om van al die Voortrekkerkommando se aktiwiteite ‘n groot sukses te maak.

Dit is egter belangrik om met die deurwerk van hierdie publikasie deeglik kennis te neem van die Grondwet, Reglemente en Nasionale prosedures van die Voortrekkers. Daar is ook ‘n groot verskeidenheid ander Voortrekkerliteratuur wat belangrik is om van kennis te neem en dit word later in hierdie handleiding hanteer. Hierdie literatuur word deur die Kongres, Hoofbestuur of Hoofdagbestuur goedgekeur vir gebruik deur al die Voortrekkers.

Elke Gebied stel ook gereeld Gebiedsprosedures beskikbaar wat bedrywighede in die Gebied reël. Elke Oord kan Oordprosedures deurgee vir die Voortrekkerkommandos in sy oord en elke Voortrekkerkommando stel sy eie Kommandoprosedures op vir gebruik in die kommando.

Daar word ook voortdurend nuwe inligting en praktiese wenke beskikbaar gestel tydens kursusaanbiedings en ander geleenthede wat vir Kommandodagbesture en volwassenes aangebied word . Gebruik elke geleentheid en bou elke Voortrekkerkommando uit tot ‘n onmisbare deel van die gemeenskap wat toegewyd die Christelike boodskap bevorder, die Afrikaner en sy kultuur ondersteun en versterk en positiewe Burgers vir Suid Afrika vorm.

2. WAAROM NOG VOORTREKKERS?

2.1 Inleidend

Waarom nog Voortrekkerwerk aanbied in vandag se tyd? Dit word altyd genoem dat almal so besig is – skool, kerk, sport en ontspanning. Die Voortrekkers moet altyd met hierdie ander aktiwiteite kompeteer. Dit is dus noodsaaklaik dat:

a) Almal moet weet wat Voortrekkerwerk vir die lede beteken – behoorlik ingelig.
b) Voortrekkerwerk moet absoluut nuttig wees vir die lede – behoorlik georganiseeer – moenie mekaar se tyd mors nie – neem elkeen se tyd, proffesioneel al dan nie, in ag!

Dit is werklik ‘n onmoontlik om die totale invloed van al die aktiwiteite van Die Voortrekkers op sy lede in woorde te omskryf. Sedert die stigting van Die Voortrekkers gee volwassenes oneindig baie tyd, kennis, vaardighede, geld en persoonlike insette ten einde Die Voortrekkers suksesvol te bedryf tot voordeel van al sy lede. Die vraag kan wel gevra word hoekom elke volwassene dit dan doen en aanhou doen en wat kan nuwe lede motiveer om deel te word en dan

deel te bly. Dit kan net gebeur as elke volwasse lid behoorlik begrond is in die totale wese van Die Voortrekkers en dan die nodige ondersteuning ontvang.

Ten einde die begronding van Die Voortrekkers vir almal maklik maak om te verstaan word daar verwys na ‘n boom soos hieronder afgebeeld.

Aktiwiteite (Voortrekkerwerk)

Kode

Doelstellings

Wese

Grondslag

2.2 Visie en Misie van die Voortrekkers

Die **visie** van *Die Voortrekkers* was tot 2005:

“Om die Afrikanerkind in sy volle menswees toe te rus om sy roeping as Christen, Afrikaner en landsBurger te vervul. (‘n Geballanseerde ABC mens)”

Toekomsvisie 2020 tydens kongres in 2005 aanvaar:
“Om die meerderheid van die Afrikanerjeug te mobiliseer om as oortuigde Christen, Afrikaner en landsburger suksesvol te wees.”

Toekomsplan 2009 deur Hoofbestuur in 2006 aanvaar
DOELWIT 1
Dat die meerderheid Suid-Afrikaners en Namibiërs teen 2009 weet dat Die Voortrekkers bestaan en wat ons bied
DOELWIT 2
Dat die beweging teen 2009 in staat is om aan die behoeftes van die Afrikanerjeug binne die raamwerk van die ABC te voorsien
DOELWIT 3
Dat ons teen 2009 oor genoeg fasiliteerders en hulpbronne beskik om hierdie diens te kan lewer
DOELWIT 4
Dat ons in ons organisasie en strukture teen 2009 professioneel en effektief sal wees

Die **missie** van *Die Voortrekkers* is:
Jong Afrikaners wat ‘n verskil maak.

Die missie van ‘n Voortrekkerleier:
Om die Afrikanerjeug toe te rus vir hulle diens aan God, volk land en medemens sodat hulle ‘n verskil kan maak.

2.3. Grondslag

Die grondslag van Die Voortrekkers is die Woord- en Skeppingsopenbaring van God Drie-Enig.

Deur die Bybel en die skepping as die grondslag of fondament te gebruik om God te eer, gee *Die Voortrekkers* te kenne dat alles wat ons doen op die waarhede wat die Here in die Bybel en in die skepping gegee het, gebou is. Dit is hoe God Hom aan die sondige mens openbaar. In Psalm 19 word dit baie duidelik beskryf, asook in Romeine 1:20. Sien ook die Nederlandse Geloofsbelydenis – artikel 2.

In *Die Voortrekkers* bekyk ons alles deur hierdie bril en dit bepaal ons norme. Ons noem dit die Bybels-Christelike lewens- en wêreldsbeskouing. Dit is 'n lewenswyse om deur die genade van God, volgens die Woord van God, uit die Christelike geloof en tot eer van God alleen te leef. Dit word ook verwoord in Romeine 11:36: "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid , tot in ewigheid…"

2.4 Die Wese

Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk, in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldsbeskouing tot 'n lewenswyse van eer aan God en diens aan volk, land en medemens.

Waar die grondslag hom primêr rig tot die vertikale verhouding tussen God en die individuele lid, bepaal die wese wie aan *Die Voortrekkers* kan behoort. Dit gaan in Die Wese om die horisontale verhouding tussen die lid en ander mense asook om dienslewering aan ander.

Alhoewel ons as kultuurbeweging meer aanklank vind by ons volkseie, beklemtoon ons ook baie duidelik ons lojalitieit aan en ons verpligtinge teenoor ons land en die regering van die dag. Die Voortrekkers is nie polities "links"of "regs" nie maar wel behoudend.

2.5 Die Voortrekkerdoelstellings

Die doelstellings van *Die Voortrekkers* is gebaseer op die grondslag en wese van .

a) Om die geloof in die Drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit die geloof voortspruit, uit te leef.
b) Om gesag te aanvaar en die deugde te beoefen wat eie is aan die Bybels-Christelike lewe.
c) Om die kultuur van die Afrikanervolk oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar.
d) Om uit die verlede van die Afrikanervolk te neem dit wat goed is en daarop te bou vir die toekoms.
e) Om ons omgewing waar te neem, te waardeer en te bewaar.
f) Om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel.
g) Om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel.

2.6 Die Voortrekkerkode

Die Voortrekkerkode is ‘n lewensriglyn vir al die lede van die Beweging. Die inhoud hiervan is direk bekom van die doelstellings en die taal van die kode is ook verstaanbaar vir die jeuglede gemaak.

Die kode lui soos volg:

1. ‘n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
2. ‘n Voortrekker lei ‘n Christelike lewe.
3. ‘n Voortrekker aanvaar gesag.
4. ‘n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. ‘n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
6. ‘n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. ‘n Voortrekker is ‘n goeie landsburger.
8. ‘n Voortrekker neem leiding.
9. ‘n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. ‘n Voortrekker is diensvaardig.

2.7 Die ABC van Die Voortrekkers

In die grondslag, die wese, die doelstellings en die kode kom drie sake deurgans duidelik na vore:
Afrikanerskap:‘n Kultuurbeweging vir die Afrikanervolk; diens aan die volk.
Burgerskap: Diens aan die land en al sy mense.
Christenskap:‘n Bybels-Christelike lewens- en wêreldsbeskouing; eer aan God drie-enig.

Ons noem dit kortweg die ABC van *Die Voortrekkers*. *Die Voortrekkers* is die enigste kultuurbeweging in Suid-Afrika wat al drie hierdie aspekte in ‘n mens se lewe gebalanseerd aanbied en uitbou. Die uitgangspunt is dat die Christenskap altyd die intensiteit van Afrikanerskap sowel as Burgerskap bepaal.

Dit is baie duidelik in al die aktiwiteite (Voortrekkerwerk) van Die Voortrekkers dat ‘n bepaalde politieke ideologie of denkwyse nie aan sy lede verkondig word nie. Lede word gemotiveer om ‘n positiewe bydrae te lewer op elke lewensterrein waar hy/sy bruikbaar kan wees en dit kan selfs ook verskillende politieke partye wees.

Dit is egter in die “nuwe” Suid Afrika nodig dat elke Afrikaner ondersteun word in sy eie Afrikaner kultuurbelewenis sodat hy/sy ‘n positiewe bydrae aan die land en sy mense kan lewer. Dit kan duidelik gesien word hoe die jongmense van vandag juis die Afrikaanse musiek en taal aktiwiteite ondersteun. Die jongmense vra ook opnuut indringend na die herkoms van die Afrikaner en die rol wat die Afrikaner tot vandag gespeel het in die opbou van Suid Afrika.

2.8 Voortrekkeraktiwiteite/Voortrekkerwerk (die vrugte van die boom)

Al die aktiwiteite wat deur Die Voortrekkers in spanne, kommandos, oorde, gebiede en op nasionale vlak aangebied word, moet so beplan word dat die Grondslag, Wese, Doelstellings en Voortrekkerkodes deurgans bevorder word. Die Voortrekkeraktiwiteite moet kunstig met avontuur ingeklee word sodat die jeuglede daaroor opgewonde raak. Hulle moet die lekker aktiwiteite raak sien (vrugte van die boom) en daarna hunker om daarvan deel te wees. Wees kreatief in die ontwikkeling van nuwe aktiwiteite deur alledaagse aktiwiteite wat

werklik deur die jeug geniet word so in te klee dat al die genoemde beginsels (G,W,D,K) van Die Voortrekkers daardeur bevorder word.

2.9 Beloftes

Elke lid waarvan die lidmaatskap aanvaar is sal sy erns met Die Voortrekkers bevestig met die belofte wat hy/sy gaan aflê. Maak van die geleentheid iets baie spesiaal maar laat die erns van die inhoud van die belofte behoorlik beklemtoon word.

2.10 Waarom as volwassene betrokke wees?

a) Ek behoort aan – daar is mense wat dink soos ek
b) Gesonde sosiaal verkeer vir almal betrokke
c) Maak ‘n verskil – positiewe bydrae tot gemeenskap
d) Gee sin aan my eie en ander se lewens
e) Vriendekring vir jou – selfs selfsugtig
f) Stokperdjie wat sin maak
g) Wil jeug lei tot ‘n ABC lewens en wêreldbeskouing
h) Leer ook by die jeug en maak jou jeugdig
i) Voel soos ‘n impakspeler – gee lewensbal oor aan jongeres
j) Gesinsaktiwiteit – saam met jou eie kinders en hulle portuurgroep
k) Kampe – kom uit eie geslote omgewing – verbreed lewe
l) Gee avontuur terug wat ek gevind het by Die Voortrekkers
m) Met mekaar deel wat vir ons belangrik – ek voel tuis hier
n) Ons bou saam aan iets wat groter is
o) Geleentheid om jou Godgegewe doel op aarde uit te leef – talente ontvang!
p) Voel vergenoegd met dankie wat ‘n kind of ouer deurgee
q) Kind met selfvertroue en nuttig vir die samelewing
r) Opbouende waardes in vrye tyd bekom – by werk beter presteer (navorsing)
s) Besef daar is ander mense wat na my kyk in Voortrekkers en vir my omgee – stel ook voorbeeld aan ander
t) Emosionele bankballans word positief beinvloed – word vol en deponeer makliker in ander mense.
u) As ouer van jeuglid betrokke – unieke geleentheid om met eie kind op ‘n dieper vlak betrokke te wees
v) Nie net deel van Die Voortrekkers, ek is ‘n Voortrekker - dit word my roeping.
w) Liefde vir kinders – maak ‘n verskil aan hulle lewens.
x) Voortrekkers gee koers in die huidige deurmekaar wêreld
y) Jy kan nie nou wegstap – jy is verantwoordelik – emosioneel gebind!
z) Geleentheid om leiers te lei – dit is ‘n voorreg

2.11 Bevestig betrokkenheid

As elke lid so begrond is in Die Voortrekkers sal al die Voortrekkeraktiwiteite noodwendig met groter sukses afgehandel word en hierdie leefwyse algemeen by lede gevestig word. ‘n Volwassene sal nie wonder waarom hy/sy betrokke wil wees nie – dis sommer klaar ‘n uitgemaakte saak. Kan nie wag om hand aan die ploeg te slaan nie!

DIE BRUGBOUER (Skrywer onbekend).

'n Ouman op 'n eensame hoofweg
het teen die late aand bereik
'n afgrond groot en diep en wyd
waardeur 'n woeste bergstroom bruis.

Die ouman het in die skemerlig
die stroom deurwaad sonder om te swig.
Maar hy't omgedraai toe hy oorkant was
en 'n brug oor die woeste stroom gebou.

Ouman, sê 'n medereisiger daar;
Jy verspil net jou krag deur hier te bou.
Jou reis loop ten eind met die dalend' dag
en nooit sal jy weer hier langs gaan.
Jy's oor die koof so diep en wyd
wat bou jy 'n brug in skemertyd?

….Die bouer lig toe sy grys kop op:
My vriend, op die pad agter my, sê hy
volg daar in my voetspore vandag
'n jongeling wat ook hierlangs moet gaan.
Die kloof was vir my 'n kleinigheid
maar dit mag vir hom 'n vanggat wees.
Hy moet ook hier in die skemer deur….
My vriend, hierdie brug bou ek nou vir hom.

3. VOLWASSENES IS DEEL VAN 'N SPAN

3.1 Saamwerk as 'n span

Al die volwassenes betrokke by die Voortrekkerkommando moet as 'n span saamwerk om van alle aktiwiteite 'n suskes te maak. Elke Staatmaker, Offisier, Heemraadslid en Jeugvriend moet saam met die res van die ouers seker wees dat hy/sy deel van 'n wenspan is en gaan bly. Diegene wat nog 'n "eie ek" werkswyse volg moet oortuig word dat 'n "ons" werkswyse 'n Voortrekkerkommando baie meer suksesvol maak. Gebruik mekaar se sterker en positiewe eienskappe en ondersteun mekaar in die swakker en negatiewe eienskappe.

As:

a) almal weet waaroor Voortrekkers gaan,
b) almal werklik 'n passie het vir uitbou van die Grondslag, Wese en Doelstellings van Die Voortrekkers in die gemeenskap,
c) almal mekaar voortdurend ondersteun en aanhelp waar nodig,

sal dit beslis 'n positiewe bydrae lewer vir die vorming van 'n sterk Voortrekkerkommando.

Is dit so in julle Voortrekkerkommando? Het julle al moeite gedoen om seker te maak dat al die volwassenes en sommer ook die ouers weet waaroor dit gaan?

Is ons soos die ganse in die lug wat in 'n formasie vlieg, elkeen ken sy plek, mekaar ondersteun, die met sterker vlerke maak outomaties beurte om voor te

vlieg en so kom hulle saam by hulle bestemming uit wat vooraf aan almal bekend was.

3.2 Ken mekaar

Dit is algemeen bekend dat die volwasse mens van jonk tot oud ‘n hele aantal persoonlike eienskappe het en steeds daarin groei. Binne Voortrekkerverband word daar juis aan die volwasse lid geleentheid gebied om aan die eienskappe te slyp tot voordeel van hom/haarself, huweliksverhouding, gemeenskap en God se eer. Die Voortrekkers besef terdee dat hierdie eienskappe wyd uiteenlopend is maar is van mening dat elkeen se persoonlike eienskappe juis tot voordeel van Die Voortrekkers as groep kan wees.i

3.2.1 Weet van mekaar:

Doen moeite om vroeg in die begin van elke jaar al die volwassenes te betrek by ‘n kenmekaar aktiwiteit. Betrek ook die wederhelftes wat nie deel is nie by hierdie aktiwiteit sodat hulle verseker kan word dat van hulle gesinstyd vir ‘n baie goeie doel opgeoffer gaan word. Voortrekkerlewe is nou eenmaal nie vir almal nie maar dit kan wel aan jou wederhelfte gegun word as dit van hom/haar ook nog ‘n beter mens gaan maak. Gee ook in besonder ag aan die nuwe gesigte – laat hulle “in” voel! Gee die doelwitte wat die Voortrekkerkommando in die jaar wil afhandel hier aan almal deur.

Kenmekaar aksies vir die groot groep:

a) Bring en braai
b) Potjiekos – selfs met ‘n klein kompetisie
c) Roerbraai

3.2.2 Ken mekaar (Ek is..)

Die volwassenes wat egter as Offisiere, Heemrade en Staatmakers diens lewer moet meer van mekaar weet as net ‘n naam en van. Dit is nodig dat ons ten minste die volgende van mekaar weet: Beroep, ander gemeenskapsbetrokkenheid, lief in leed in gesin, bepaalde stokperdjies, hulpmiddels by elkeen beskikbaar vir gebruik ensomeer.

Sinvolle aktiwiteite vir bestuurspan:

a) Ysbreker speletjies van soorte
b) Laat almal geleentheid kry om homself aan die groep bekend te stel
c) Skattejag van enige aard in bepaalde groepe
d) Vasvra speletjies
e) Safari ete of vertoning met ete bywoon

3.2.3 Verstaan mekaar (Jy is..)

Respekteer egter ook elkeen se privaat lewe sodat ‘n volwassene nie voel dat daarop inbreuk gemaak word nie. Neem altyd die volwassenes se persoonlike ruimtes en posisie in die gemeenskap in ag. Tydens ‘n spanbou aktiwiteit sal almal byvoorbeeld nie daarvan hou om soos eendjies te spring nie maar almal sou kon staan en iets oor hulle liefde vir die natuur vertel. Daar is baie soorte spanbou geleenthede wat met vrug benut kan word om persoonlikheids kenmerke uit te wys en met mekaar te vergelyk. Gebruik juis konsultante/fasiliteerders in die gemeenskap wat gereeld diesulke aktiwiteite

organiseer. Daar is ook verskeie videos beskikbaar wat handel oor samewerking as ‘n groep en saam gekyk kan word en opvolging met ‘n bespreking Bv “Who moved my Chease”, “Fish”

Baie modelle is in die afgelope jare ontwikkel om mense se persoonlike eienskappe te groepeer. Is jy taak of mensgeorienteerd, ‘n leeu of teddiebeer, ‘n outokraat of demokraat, ‘n introvert of ekstrovert, linker of regterbrein, ‘n Lukas of Markus, ‘n leier vir die situasie, ensomeer ensomeer. Meestal word daar duidelik tydens sulke evaluerings geleenthede deur die fasiliteerder uitgewys dat elke mens iets van al die eienskappe onder bespreking het maar meestal meer van ‘n spesifieke groep eienskappe openbaar. Dit word ook meestal gebruik om aan te dui dat ‘n groep mense bymekaar juis die verskillende persoonlike eienskappe nodig het om ‘n projek/taak behoorlik af te handel. Die betrokke situasie bied geleentheid om elke betrokke persoon se eienskappe tot beswil van die hele groep aan te wend. Gee dus ruim geleentheid om al hierdie persoonlike eienskappe, goed en sleg, gereeld met makaar uit te klaar sodat almal weet waarvoor ‘n bepaalde persoon juis aangewend kan word en waar hy of sy ondersteuning nodig het.

3.2.4 Groei na mekaar

As elkeen meer van hom/haarself openbaar aan die ander in die bestuurspan en die ander eerlik en opreg inligting terug openbaar, ontsluit elkeen verborge persoonlike eienskappe oop wat tot almal se voordeel aangewend kon word. Deur voortdurend hieraan aandag te gee kan ‘n sterk bestuurspan in die gemeenskap tot stand gebring word en ook behou word.

Probeer ook om nie onnodig met mekaar oor onbenullighede te verskil nie. As dit nie ‘n ernstige saak is nie moet genoegsame ruimte vir ‘n persoon gebied word om sy ding te doen soos hy/sy dit die beste kan doen.

Elkeen moet groei in sy totale menswees. ‘n Leier moet oppas dat hy/sy nie soos ‘n deksel op ‘n pot sit en sy/har eie en almal onder hom/haar se entoesiasme onderdruk nie. Gee geleenthede aan almal om te groei en aktief deel te neem.

ALGEMEEN BEKEND Naam en van Woonadres	EK IS Beroep Gemeenskapsbetrokkenheid Stokperdjies Hou van/Hou nie van
JY IS Vriendelik Behulpsaam Kortaf Taak of mens georiënteerd	GROEI NA MEKAAR

3.3 Gee om vir mekaar – maar pasop vir ‘n kliek

Almal moet seker maak dat die lief en leed van al die betrokke volwassenes met mekaar gedeel word. Maak ‘n punt daarvan dat julle almal gesamentlik meer

weet van mekaar se leefwêreld en juis in swaarkry en lekkerkry dit mekaar deel en ondersteuning aanbied waar dit nodig is.

a) "Spook" – sien om na 'n mede volwassene se menswees.
b) Gebede vir mekaar - meer persoonlik.

Die gemeenskap moet die Voortrekker groep ook nie as 'n "kliek" beleef nie maar wel as 'n gesonde belangstelling in mekaar se wel en weë.

3.4 Genoegsame bestuursposte en behoorlik gevul

Moenie dat enkele volwassenes hulself doodwerk nie. Skep genoeg bestuursposte (adjunkkommandoleiers) en ook ander poste (stoormeester, biblioteek, klerebank) en sien toe dat dit met entoesiastiese persone gevul word. As die persoon die werk wil/kan doen maar nog nie 'n lid van Die Voortrekkers is nie, maak hom deel van die Kommando as Heemraadslid of Jeugvriend en gee aan hom/haar die nodige opleiding en leiding.

Maak 'n punt daarvan om jeug en ouderdom in die bestuur van die Kommando te betrek. Die beginsel van "pipelining" word wyd in die besigheidswereld gebruik – lei altyd iemand jonger op vir die beskikbare bestuursposte sodat dit 'n natuurlike groeiproses in die Kommando bly.

3.5 Tradisies word gebou en gevestig

Waar 'n Voortrekkerkommando sekere tradisies vir hulleslf skep en dit in stand hou bring dit 'n groter gees van samehorigheid en maak dit 'n volwasse lid se besluit moeliker om alles sondermeer te los.

a) Spandrag vir volwassenes.
b) Inlywingsfunksie van gehalte en inhuldigings om te onthou.
c) Saam koffie drink na byeenkomste.
d) Kamp as groep saam – net met eie kinders.
e) Woon saam Oord en Gebiedsaktiwiteite by.
f) Suksesvolle omgeeprojek vir die gemeenskap.

3.6 Joernale, fotos en jaarblad

Die daarstelling van 'n Kommandojoernaal, foto-albums en jaarblaaie maak die binding van die volwasse lede en jeuglede aan die kommando net sterker. Dit bring ook 'n gees van "Ek behoort aan" Die Kommandobestuur moet iemand spesifiek aanwys wat deurgans hieraan aandag gee en die nodige items bymekaar maak en met vergaderings en ander Voortrekkeraktiwiteite tentoonstel. Die persoon kan juis 'n ouer offisier sonder 'n span, 'n heemraadslid, jeugvriend of 'n ouer wees.

3.7 Die ouderdoms verskil van volwassenes

Daar is altyd 'n paar volwassenes wat 'n groot deel van hulle leeftyd aan Die Voortrekkers afgestaan het en selfs op verskillende bestuursvlakke gefunksioneer het. Van hulle wil steeds as lede funksioneer sonder die groter verantwoordelikheid. Hierdie persone kan werklik met vrug aangewend word maar moet self ook oppas om nie te voorskriftelik te raak nie. Vind 'n sinvolle middeweg van betrokkenheid – met veral klem op betrokkenheid.

Daar is egter ook jong volwassenes wat met nuwe krag en ywer ‘n verskil wil maak. Die Voortrekkers moet ook hierdie geleentheid aan hulle bied maar daar moet ook besef word dat die regte leiding noodsaaklik is.

Dan moet ook in ag geneem word dat Voortrekker ervaring tussen ouderdoms verskille selfs ‘n groter bydrae tot verskil in opinies kan oplewer. Ballanseer altyd “die wat weet” met “die wat wil weet” met volwassenheid uit – lig opninie versigtig – neem ander persoon in ag.

Die samevoeging van jonk en oud in een bestuurspan was vir Die Voortrekkers nog nooit ‘n probleem nie. Voortrekkerkommandos moet dus ook seker maak dat dit nie vir hulle ‘n probeem skep nie. Voel mekaar, veryk mekaar ....

3.8 Die volwasse nuweling

Volwassens wat toetree tot Die Voortrekkers moet voor aansluiting of dan in die eerste maand deel wees van die Orienteringskursus wat in die kommando aangebied moet word. Stel dan ook ‘n mentor aan wat die nuweling aktief sal ondersteun en inligting sal deurgee. Maak seker dat alle inligting deurgans aan die persoon verskaf word – alles is altyd vreemd vir ‘n buitestaander. Stop so gou moontlik die onderskeid wat, selfs in ligte trant, tussen die “nuwe” en “ou” offsiere gemaak word. Stop ook die algemene sêding: “Ons Voortrekkers maak nie so of so nie”. Dit kneus jou nuweling en laat hom/haar gouer die handoek ingooi.

3.9 Die nie-lid wederhelfte

Nie almal hou van of het die tyd vir Voortrekkerwerk nie. Al is die wederhelfte nie in beginsel teen die werk wat Voortrekkers doen nie, is die volgende punte al genoem wat die wenkbroue laat lig:

a) Laat aande uit met vergaderings en kursusse
b) Die oordadige spontane lag en kuier
c) Kinderlike aktiwiteite
d) Te veel naweke weg
e) Tyd wat tuis aan voorbereidingswerk spandeer word
f) Alleen op die pad – naweke en aande.

Hou dus gereeld gesprek met die wederhelftes en maak seker dat sy/haar bekommernisse behoorlik aangspreek word.

4. VOORTREKKERS AS DEEL VAN DIE GEMEENSKAP

4.1 Deel van totale gemeenskap

SKETS

Die Voortrekkerkommando funksioneer te alle tye binne ‘n bestaande gemeenskap met al sy mense, organisasies, besighede ensomeer. Leiers van die Voortrekkerkommando moet voortdurend die hele gemeenskap so beinvloed dat almal oortuig is dat die Voortrekkerkommando ‘n aanwins vir die gemeenskap is. Maar die gemeenskap moet ook voel dat hulle graag ‘n bydrae

sou wou lewer om die Voortrekkerkommando in staat te stel om ten volle met hulle aktiwiteite voort tr gaan. Ouers moet ook oortuig wees en bly dat hulle kinders in die ontwikkeling van hul menswees kan baat deur deelname aan al die Voortrekker aktiwiteite.

Die interaksie met die gemeenskap word in vier areas bespreek nl:

a) **Gemeenskapsprojekte** – Projekte met die doel om 'n diens te lewer. (Par 4.2)
b) **Beeldbouprojekte** – Projekte wat die gemeenskap positief instel teenoor die Voortrekkers. (Par 5.1)
c) **Ledewerwingsprojekte** – Projekte wat spesifiek daarop gemik is om lede te werf onder volwassenes of jeug. (Par 6.1)
d) **Fondsinsamelingsprojekte** – Projekte met die klem om fondse te genereer. (Par 9.4)

Dit is egter baie waar en ook baie duidelik bekend dat baie van die vier genoemde projek rigtings ten nouste inmekaar geweef is dat een projek ook die ander projekte kan aanspreek. Wat 'n Voortrekkerkommando egter wel moet doen is om seker te maak dat al vier die genoemde areas jaarliks behoorlik aangespreek word in hulle jaarprogram.

4.2 Gemeenskapsprojekte - Diensleweringsprojekte
Gee bydrae as individu en as Voortrekkergroep gesamentlik

Baie gemeenskapsprojekte wat die Voortrekkers aanpak dien as bevestiging vir dit waarin die Voortrekkers hulle lede onderlê nl diens aan God, Volk, Land en Medemens. Deur ruim van diesulke projekte gebruik te maak as Voortrekkerkommando of spanprojekte neem die gemeenskap in besonder kennis van Die Voortrekkkers en sy werksaamhede. Die projekte bring meestal nie fondse in nie maar dit help ook bou aan die beeld van *Die Voortrekkers* in die gemeenskap. Dit is ook moontlik om formeel en ook aktief saam te werk met kerk of skool projekte. Die skool en kerk kan ook betrek word by projekte wat deur die Voortrekkerkommando beplan word. Hierdeur word waarskynlik ook nuwe volwasse- en jeuglede gewerf.

Hieronder volg 'n lys van sinvolle projekte om te oorweeg. Vul aan met eie idees en gee suksesvolle projekte deur aan die res van Die Voortrekkers.

a) Behulpsaam met Bybelverspreiding
b) Verf en algemene instandhouding van gemeenskaps geboue
c) Enterpreneurskapdae - skep geleenthede vir verkope
d) Hou ons land skoon veldtogte: eie omgewing
e) Omgee projek – handuitreiking na minderbevoorregtes – kos, klere en geskenke
f) Kultuuraande vir gemeenskap: sang en musiek
g) Pretdraf en staptogte organiseer.
h) Spetjiesdag vir kleuterskole, Gr R en Gr 1 leerlinge.
i) Senior burgers besoek – met eetgoed/tuinmaak/doen aankope
j) Natuurbewaringsprojekte onderneem of ondersteun
k) Behulpsaam met gemeenskapsorg projekte
l) Kultuursentrum - bou en/of in stand hou
m) Reël aktiwiteite rondom vakansiedae – dink nuut rondom die beskikbare dae

n) Beplan wandelroetes na plaaslike besienswaardighede
o) Gemeenskapskoffiekroeg in samewerking met skool/kerk/sielkundiges
p) Kulturele plekke onderhou – kerkhof, monumente, ou geboue
q) Lê staproetes uit in plaaslike omgewing
r) Diens aan skool se kultuuromgewing
s) Kultuurakademie in skole organiseer
t) Vorm 'n kultuurraad/forum/koördinerings liggaam in gemeenskap en hou dit in stand.
u) Gemeenskapsforum wat oor kultuurgrense strek maar die handhawing van eerste wêreld standaarde nastreef.
v) Leiersontwikkelingsdag in samewerking met skool/kerk.
w) Werkloosheids"vereniging" op die been bring en dmv entrepreneurskap ontwikkeling en onderlinge ondersteuning die mense help met verkryging van 'n eie inkomste.
x) Skerp gesinsbetrokkenheid by aktiwiteite in.
y) Vorm 'n jeugforum wat kerke, skool en kultuurorganisasies op hoërskoolvlak bymekaar bring.
z) Lede van Voortrekkers dien ook op beheerliggame van skole, kerkrade van plaaslike kerke en op besture van ander organisasies.
aa) Tydens stakings hulp by sorgsentrums en hospitale
bb) Maak ‘n besigheidsentrum op ‘n Saterdag netjies skoon.

4.3 Gereelde skakeling met gemeenskapsleiers en organisasies

a) Tree gereeld in gesprek met skoolhoofde en predikante van Afrikaanse skole en kerke.
b) Kontak met Afrikaner kultuurorganisasies in die gemeenskap soos Afrikanerbond, Dameskring, Jong Dames Dinamiek, ATKV, Raportryesr, Landbouunie en hou die kommunikasie kanaal oop.
c) Gee spesiaal aandag aan al die leiers en onderwysers van die gemeenskap – met verjaarsdae, spesiale gebeurteniss soos lentedag, met kerstyd ensomeer.
d) Gee ook erkenning aan die leiers, skole, kerke en organisasies tydens Voortrekker funksies. Dink aan Voortrekkervriend, Penning besondere diens Brons, Oorkondes (ordes kan nie toegeken word nie – dit is slegs vir amptelike gebruik)
e) Betrek die genoemde persone en organisasies met gesamentlike projek.

4.4 Vestig rol as veilige hawe vir die jeug

Die Voortrekkers se spanstelsel bring die jeug en die volwassene baie naby aan mekaar. Die Voortrekkers bied aan die hele gemeenskap ‘n plek waar die jeug met nuttige aktiwiteite besig gehou word. Stel dit onomwonde aan skole en kerke dat Die Voortrekkers ‘n medevennoot in die positiewe opbou van die jeug is en sal bly. Bewys dit egter ook met behoorlik beplande en nuttige aktiwiteite.

Dit is alombekend dat jeug met die volgende algemene probleme sukkel: Dwelms, drank, losbandige leefwyse, rook (vroeër), vloektaal, leuentaal, woedebuie, satanisme

Gebroke gesinne – Vt is weer ‘n band wat gesmee kan word.

Spanoffisiere moet sensitief wees vir die jeug se gedrag. Merk op as daar iets verander en ondersteun nie jeuglid positief. Werf sy vertroue en probeer om met sy instemming vir hom/haar raad te bekom.

Dit is sinvol as die Voortrekkerkommando 'n lid op die Kommandodagbestuur taak om kontak te maak met kindersielkundiges, predikante, skoolhoofde, SAPD en die name en nommers aktief te onderhou. Maak hulle Jeugvriende van die Voortrekkerkommando sodat daar 'n maklike toegangsroete is. Hulle kan ook uitgenooi word om kort inligting sessies op

4.5 Deelname aan Nasionale projekte

Die Voortrekkers neem ook aktief deel aan projekte wat Afrikaans en die Afrikanerkultuur bevorder. In die verband het Die Voortrekkers 'n aktiewe rol gespeel in die tot stand koming van *Afrikaans Ekspo.* Elke Voortrekkerkommando moet aktiewe deelname aan die projek bevorder. Kontak die plaaslike skole en sien toe dat hulle daaraan deelneem.

Die Voortrekkers moet ook aktief deelneem aan projekte wat goeie Burgerskap inskerp soos: Boomplantdag, jeugdag, erfenisdag ensomeer. Dit kan in samewerking met die skool, kerk en gemeenskap gedoen word. Die Voortrekkers moet hier opsigtelik betrokke wees!

5. BEELD EN PERSEPSIE VAN DIE VOORTREKKERS

5.1 Die beeld/persepsie van Die Voortrekkers (Beeldbou projekte – gebruik jou lede om 'n beeld/persepsie te bou)

Dit is noodsaaklik dat diegene van die gemeenskap wat reeds positief en ondersteunend 'n bydrae lewer baie tevrede en gemaklik voel oor hulle ondersteuning. Lewer genoegsame erkenning vir hulle bydraes.

Diegene in die gemeenskap wat nog negatiewe persepsies van die Voortrekkerkommando of Die Voortrekkers ondervind moet so beinvloed word dat hulle persepsies positief verander. Hier volg nog 'n hele paar oulike *beeldbou projekte* wat gebruik kan word om die gemeenskap se beeld/persepsie positief in jou guns te swaai:

a) Personeel van skool onthaal, gee verversings, valentynsdag, verjaarsdae.
b) Skoolhoofde, Predikante en ander gemeenskapleiers hegte bande – gee inligting.
c) Helderkleurige maar ook sinvolle spandrag ook by nie-Voortrekker geleenthede
d) Plaaslike koerante: prestasies, artikels en foto's
e) Foto's, kort berigte en oulike inligtings stukkies op skool se kennisgewingsbord of selfs 'n eie vertoonkas/kommunikasiekas in skoolgronde.
f) Kerkbesoek in Voortrekkerdrag
g) Kleurvolle sertifikate met prysuitdelings
h) Vriendskapsketting – handevat
i) Kerslig met koffie/tee/eetgoed vir 'n bepaalde groep met kersliedere
j) Erkenning van Voortrekkerprestasies by skool
k) Uitstallings in openbare plekke, bv biblioteke
l) Oop aktiwiteite waar Voortrekkers bekend gestel word bv nagmars/kamp
m) Borg sekere projekte/aktiwiteite van die skool/kerk
n) Boekpryse of penning van Die Voortrekkers

o) Bourommel of ander terrein opruim.
p) Afrikaans EKSPO deelname.
q) Pleegkind in 'n kinderhuis – reël 'n verjaarsdagpartytjie.
r) Waterpunte beman by padwedlope (ook fondse so bekombaar)
s) Skep "warmte" aan gemeenskap se geriewe deur bydraes uit ouers wat kan
t) Besoek sorgsentrums (bejaardes en siekes) en deel geskenkies uit.
u) Eerste ouerdag/ope dag – spreekbeurt
v) Uitstallings by skool – eerste ouerdag, ope dag, kultuurdae, kermis
w) Pamflette versprei – Voortrekkerdepot asook eie inligting
x) Vertoonkas met foto's en ander interessante dinge by skole en biblioteke
y) Verversings vir personeel van skool, kerkkantore, diensorganisasies
z) Bou aan gesinsbetrokkenheid – moedig deelname so aan
aa) Jeugforum of kultuurforum daarstel en in stand hou – saam beplanning – kerk, skool en Afrikanerkultuur organisasies bymekaar.

5.2 Voortrekkers, skool en kerk

Verwys spesifiek na reglemente hoofstuk 3 artikel 13.7.3

Die jeuglid spandeer die grootste deel van sy tyd by die skool en al die aktiwiteite wat daar aangebied word. By die skool word ruim erkenning vir deelname en prestasie deur die skool en personeel van die skool betoon. Dit maak saak vir die kind. Verder is daar ook verskeie geleenthede waartydens jeuglede saam met die jeug van die kerk aktiwiteite moet ondersteun. Ook hierdie betrokkenheid is belangrik vir die kind. Dit is dus noodsaaklik dat hierdie twee terreine in besonder in ag geneem word. Hierdie twee is samewerkingsvenote en beslis nie Die Voortrekkers se kompetisie nie. Skoolhoofde is teenoor die onderwysdepartement verantwoordelik en predikante weer teenoor die onderskeie kerkrade – Die Voortrekkers kan dus nie voorskriftelik hier optree nie!

a) Persoonlike kontak met skoolhoofde en predikante – "onbekend maak onbemind"
b) Stel Voortrekkerliteruur en Voortrekkervideo aan die skool en kerk beskikbaar – graadwielboeke en Hou Koers.
c) Gee besondere prestasies van jeuglede gereeld aan skool en kerk deur.
d) Ondersteun aktiwiteite van skool en kerk gereeld.
e) Koördineer jaarprogram met skool en kerk – probeer om 'n sekere tydsgleuf by skole vir Voortrekkers beskikbaar te stel.
f) Moenie groot Voortrekker aktiwiteite organiseer wanneer van kinders verwag word om skool en kerk projekte te ondersteun nie.
g) Bou aan gesonde verhoudings met projekte soos in par 5.1 genoem.

5.3 Voortrekkerdrag

Verwys na reglemente hoofstuk 26. Al die bepalings rondom die dra van Voortrekkerdrag asook die gedragskode wanneer in Voortrekkerdrag geklee word hierin omskryf.

Elke jeuglid en sy ouers asook elke volwasse lid moet presies weet hoe lyk die Voortrekkerdrag en in besonder tov die algemene netheid in die dra daarvan trots gemaak word. Die aanbring van kentekens op erkenningsbaadjie moet noukeurig aan almal deurgegee word. Die gereelde dra van erkenningsbaadjies moet ook sterk aangemoedig word. By inhuis aktiwiteite moet almal

aangemoedig word om die erkenningsbaadjie ook saam met hulle aktiewe drag te dra.

Hou gereeld ‘n uitstalling van Voortrekkerdrag by byeenkomste en vergaderings sodat almal op algemene foute kan let.

Voortrekkerdrag snoer al Die Voortrekkers saam wat ‘n ideaal koester tot ‘n eenheid. ‘n Voortrekker dra trots die Voortrekkerdrag as ‘n simbool van die beweging.

Voortrekkerdrag is nie maar sommer net klere om aan te trek nie. Daar is sewe redes hoekom Voortrekkerdrag vir Die Voortrekkers belangrik is:

a) Voortrekkerdrag bind alle Voortrekkers oor die hele land saam.
b) Voortrekkerdrag maak ons kleredrag eenders sodat daar nie uiterlike verskil tussen rykes en armes is nie.
c) Voortrekkerdrag help om dissipline te ontwikkel.
d) Voortrekkerdrag laat sy lede netjies vertoon.
e) Die Voortrekkerdrag bestaan uit aktiewe drag en formele drag en kan dus gemaklik met verskillende soorte Voortrekker geleenthede gedra word.
f) Voortrekkerdrag kan by ander nie-Voortrekker geleenthede gedra word sodat die Voortrekkergroep in totaal uitstaan.
g) Voortrekkerdrag kan altyd met trots gedra word omdat “ons behoort aan”.

5.4 Spandrag, kommandodrag en ander informele drag

Die Voortrekkers is wel deeglik bewus van die koste van Voortrekkerdrag en die feit dat die dra daarvan verpligtend is vir alle lede. Dan kom ook nog die koste van spandrag, kommandodrag en gebiedskampdrag by. Die gebruik van sulke drag om ‘n samehorigheidsgevoel te skep word besef maar dan moet daar ook na die bemarkingswaarde daarvan gekyk word. Daarom is dit sinvol dat die reëling deur Hoofbestuur gemaak is dat die naam van Die Voortrekkers ook saam met die betrokke span-, kommando-, of gebiedskamp se naam op die drag mag verskyn

5.5 Seremonies in die gemeenskap

Sedert die stigtingsjare is seremonies met vlae, musiek, voordrag en sang effektief gebruik om die gemeenskap se hart te raak. Die nuwe beleid om van die vroeë “parades” eerder na “seremonies” oor te skakel skep nou juis die geleentheid om van elke seremonie ‘n unieke belewenis te maak. Voortrekkerkommandos moet geleenthede vir aanbied van seremonies aangryp. Doen moeite daarmee en rondn behoorlik af sodat ‘n positiewe beeld van Die Voortrekkers verder uitgebou kan word. Gebruik die reglemente hoofstuk 27 wanneer daar beplanning rondom enige seremonie gedoen word.

Geleenthede waar Voortrekkers kan optree:

a) Vlagseremonies by skole en kultuurfeeste
b) Belynings by troues en begrafenise van Voortrekkers
c) Inlywings seremonie van nuwe lede
d) Afsluitings en Erkenningsfunksies van die Voortrekkerkommando.

Dit is belangrik dat Die Voortrekkers voortbou op die tradisie om eer aan die Nasionale simbole te betoon. Die nasionale vlag, nasionale lied en nasionale

wapen moet met respek tydens seremonies gebruik word. Volwassenes moet die nasionale lied ook saam met die kinders kan sing. Die gebruik van historiese vlae en liedere tydens bepaalde geleenthede word ook aangemoedig.

5.6 Afrikaanse sang

Die Voortrekkers het reeds vir baie jare die Afrikaanse sang bevorder in alle aktiwiteite. Met kampe en uitstappies, sangaande en Voortrekkerfunksies is daar baie gesing en beslis lekkerder as daar ‘n kampvuurtjie bykom. Skole word nou baie meer ingeperk in gebruik van Afrikaanse sang en dit juis nou dat Afrikaanse sang so bloei! Die Voortrekkerkommando moet in die gemeenskap vestig as die organisasie wat Afrikaanse sang bevorder en help ontwikkel. Sing tydens groter Voortrekkeraktiwiteite, hou sangaande in die gemeenskap en gebruik musiek kwistig met Voortrekker funksies.

6. LEDEWERWING en BEHOUD

6.1 Ledewerwingsprojekte

Baie van die beeldbou projekte werf ook direk of indirek lede deurdat dit die jeug en volwassenes van die gemeenskap positief instel teenoor Die Voortrekkers.

Elke Voortrekkerkommando moet seker maak dat daar spesifieke aksies geloods word om nuwe jeug asook volwasse lede te werf. Dit sal nie werk om net een aksie te loods per jaar nie – meer gereeld en aanhoudend. Hier volg ‘n paar wenke wat kan werk.

6.1.1 Vir werf van jeuglede:

a) Oueraande vir Gr R en Gr 1 nuwe leerders bywoon – spreekbeurt vra.
b) Vrugtefees vir almal aan begin van jaar – oop funksie.
c) Uitslaap by skool vir al die kinders – met ’n braaivleis, selfontbyt
d) Fliek in die skoolsaal – gee ‘n lekkergoedpakkie aan almal.
e) Deel pamflette uit aan kinders/ouers aan begin van jaar (selfs einde van vorige jaar) – eie pamflette of beskikbaar by Voortrekkerdepot
f) Spreekbeurte by skoolfunksies, ouervergaderings, kultuur organisasies
g) Stadsnagmars vir almal in gemeenskap – volwassenes en jeug - gesinne
h) Nooi belangstellende volwassenes uit vir ‘n kuier, ete, bespreking, inligting deurgee
i) Skattejag by skool of in motors in gemeenskap – betrek gesinne
j) Bemarkings uitstallings op ope dae, kermis by skool en kerk, kultuurdae by skole, biblioteke
k) Wys Voortrekker video aan kinders, ouers, personeel en gemeenskapleiers.
l) Inkleurkompetisie of soortgelyke kompetisie – stel goeie pryse beskikbaar.
m) Bied ‘n lekker spesialisasie aan vir nie-lede sowel as lede of selfs ‘n ander lekker stukkie Voortrekkerwerk – doen moeite om dit spesiaal te maak.
n) Bou kontak op met oud Voortrekkers en gebruik hulle as jeugvriende en heemraadslede
o) Oorlewingskamp (Survival vir ‘n bepaalde graadgroep soos Gr 8)

6.1.2 Werf offisiere en ander volwassenes

a) Praat gereeld met ouers, jeugvriende en heemraadslede – motiveer groter betrokkenheid.
b) Praat veral met die ouers van die kinders in die betrokke span.
c) Gereelde kontak met ander Afrikaner kultuurorganisasies in gemeenskap.

d) Gereelde kontak met ander gemeenskapsorganisasies.

Hoekom is volwassenes onbetrokke?

a) Betrokkenheid van 30 – 50 jaar is opmerklik minder – werk, huis en gesin vestiging!
b) Klubs soos 4x4 lekkerder – nie baie verpligtings- ontspannend
c) Tyd vir gemeenskapsake word beperk

6.2 Registrasie van nuwe lede

Jeuglede en volwasse lede word gewerf as moontlike lede en daarna moet die nodige aansoek om lidmaatskap presies hanteer word soos in die betrokke reglement hoofstuk 3 bepaal en in besonder die riglyne oor lidmaatskap (bylae 1) en die brosjure oor lidmaatskap (bylae 2) wat daarin vervat is.

Let op dat jeugvriende en ontdekkers geregistreer word maar nie ledegeld betaal nie – hulle ontvang ook nie getroue diens of ander kentekens nie en is nie verplig om voortrekkerdrag te dra nie.

6.3 Vrywaringsvorm

Die vrywaringsvorm wat Die Voortrekkers gebruik moet te alle tye behoorlik onderteken word sonder dat enige veranderings daaraan gemaak is. Dit is absoluut noodsaaklik dat ‘n voornemende lid of lid aan geen Voortrekker aktiwiteite kan deelneem tensy die vrywaringsvorm behoorlik onderteken is nie!

Die bewoording van die dokument is met regslui en versekeringshuise uitgeklaar met inagneming van die al die basiese regsbeginsels. Dit is wel so dat elke landros, regter, advokaat of prokureur ten tye van ‘n moontlike regsgeding die regsgeldigheid van die dokument sou bespreek voordat daar goedsmoeds aan bepaalde regseise voldoen kan word. Sonder die getekende vrywaring het ‘n Voortrekkerkommando, Die Voortrekkers en almal betrokke egter net mooi niks en is almal ten volle blootgestel aan enige persoonlike interpretasie van die reg. Spaar die kommando enige verdriet en laat die vrywaringsvorm onmiddelik onderteken word!

6.4 Hoe lidmaatskap van volwassenes behou kan word

a) Behoorlik en volledige inligting deurgee van die begin af
b) Indiens opleiding so veel as moontlik
c) Bied geleentheid om meer as die normale inligting te bekom dmv SAPD, sielkundiges, skoolhoofde ensomeer uit te nooi vir inligting deurgee.
d) Wys ‘n spesifieke mentor aan vir nuwelinge en nuut verkose posisies
e) Formele opleiding skeduleer vir almal in die Kommando
f) Trek almal saam in ‘n groep wat vir mekaar omgee maar moenie ‘n kliek, skindergroep, vorm wat nie oop is vir nuwe lede en ander volwasse ondersteuners van die gemeenskap nie.
g) Stel fondse uit kommandokas aan spanoffisiere beskikbaar om hulpmiddels aan te skaf of te ontwikkel.
h) Stel fondse beskikbaar om opleidingsgeleenthede by te woon.
i) Stel ruim hulpmiddels en literatuur in kommando beskikbaar, gee inligting van Jeugvriende en Heemraadslede en waarmee hulle behulpsaam kan wees deur – onthou om ‘n volledige inventaris aan almal te gee!

j) Tegnologiese ondersteuning aan almal – rekenaar toegang, data projektors, inligting op internet

6.5 Hoe limaatskap van jeuglede behou kan word (Sien spansaam handleiding)

a) Die Gr 7 spanoffisier moet voortgaan met die span in Gr 8 – of die toekomstige Gr8 spanoffisier moet deur die jaar met die Gr 7 jeuglede gereeld kontak hou.

b)

6.6 Inlywingseremonie en inhuldiging

Jeuglede en volwasse lede word met ‘n gepaste seremonie ingelyf as Voortrekkers waartydens die onderskeie beloftes formeel afgelê word. Maak van die inlywingsseremonie ‘n baie spesiale geleentheid. Betrek die ouers, wederhelftes en gemeenskapsleiers persoonlik by die geleentheid. Laat ouers en wederhelftes saam staan met aflê van beloftes.

Behalwe die formele seremonie het baie spanne en kommandos ook intersante inhuldigings seremonies wat die jeuglede en volwasse lede sterker aan die kleiner groep bind. Sien Spanaam vir oulike wenke

6.7 Gedragskode, Protokol en algemene optrede

Alle groot organisasies wat wyd oor ‘n land opereer het reëls, kodes, prosedures, ordes of iets dergliks wat die algemene moets en moenies van die organisasie omskryf. Daarsonder is ‘n groot organisasie magteloos omdat elkeen sou kon doen wat hy/sy wil.

Daar word baie keer sommer gesê: “’n Voortrekker maak nie so nie” maar dan kan daar nie behoorlik aan ‘n lid uitgewys word waar dit staan nie. Voortrekkers in leierposisies moet altyd seker maak dat die mees korrekte en nuutste bron geraadpleeg word wanneer daar na gedrag en optrede van Voortrekkers verwys word. Naas die algemene bepalings in die *grondwet en reglemente* het Die Voortrekkers spesifiek ‘n *Gedragskode* saamgestel wat oor verloop van jare saamgestel en opgedateer word soos nodig - reglemente hoofstuk 3 artikel 13. Verder is daar ook ‘n *Protrokol* opgestel wat gebruik moet word wanneer gaste na Voortrekkerfunksies uitgenooi word – reglemente hoofstuk 28. Die gebruik van *Voortrekkerdrag* word in hoofstuk 26 van die reglemente omskryf. In baie literatuur stukke (*riglyne)* word daar ook bepaalde optredes en hoe om te maak omskryf. Daar moet egter ook verwys word na *regulasies, standaardprosedures, voorskrifte en kommandoreëls* waar sekere optredes ook aangeteken word. Dit is egter ook waar dat daar deurentyd nuwe besluite deur bestuursliggame op nasionale-, gebieds- en oord vlak geneem word en dit word in *inligtingsbriewe, omsendbriewe en skrywes* deurgegee en is ook van toepassing op alle lede. Dit is egter meer noodsaaklik om ‘n bepaalde optrede of gedrag, wat nie in die genoemde dokumente omskryf word nie, te meet aan die grondslag, wese, doelstellings, kode en beloftes van Die Voortrekkers.

6.8 Dissiplinêre optrede

Indien ‘n lid van Die Voortrekkers hom op so wyse gedra wat strydig is met die grondwet (grondslag, wese, doelstellings, kode en beloftes) en algemene bepalings van die reglemente (gedragskode ingesluit) word daar behoorlik

opgetree ooreenkomstig die bepalings van die reglemente hoofstuk 16. Dit is noodsaaklik dat ‘n bestuursliggaam te alle tye hierdie reglementele bepalings stiptelik nakom. Inligting moet te alle tye vertroulik hanteer word en diskreet oorgedra word. Maak ook altyd seker van al die feite!

6.9 Oorplasing van lede

Al die nodige inligting van ‘n lid met vordering in erkenning en toekennings moet op ‘n “loopbaanrekord kaart” aangeteken wees. Die kaart kan met die hand of met ‘n rekenaar gegenereer word. Wanneer ‘n lid vertrek moet dit aan hom/haar oorhandig word tesame met die L3 oorplasingsvorm. Ten einde die lid vir Die Voortrekkers te behou kan die naaste Voortrekkerkommando waar die lid na verhuis gekontak word en die inligting deurgegee word.

6.10 Lidmaatskap beëindiging

Wanneer ‘n lid se lidmaatskap beëindig word ooreenkomstig die bepalings in die reglemente hoofstuk 3 artikel 12 moet die L4 bedankingsvorm voltooi en na die betrokke gebiedskantoor gestuur word. Daar sal die deregistrasie van die lid gedoen word en die rede vir bedanking sal aangeteken word vir toekomstige gebruik.

7. BEPLANNING

7.1 Operasionele doelwitte vir Voortrekkerkommandos

Die Hoofbestuur het ‘n stel aksieplanne vir Voortrekkerkommandos goedgekeur en daarmee die mening uitgespreek dat elke Voortrekkerkommando ten minste die basiese dinge reg moet doen. Die doelwitte is wyd bekend gestel en sal van tyd tot tyd hersien word. Voortrekkerkommandos moet ook van hierdie doelwitte verslag lewer aan die betrokke Oordleier en Gebiedskantoor

Daar word ook van tyd tot tyd ander doelwitte vanaf die Gebied of Oord aan die Voortrekkerkommando deurgegee. Al die genoemde inligting (saam met die jaarprogram) word aan die einde van September aan Voortrekkerkommandos deurgegee vir gebruik in beplanning.

7.2 Evaluering

Na elke groot projek/aktiwiteit moet die komitee of organiseerder die projek/aktiwiteit behoorlik evalueer en die terugvoering daarvan aan die Kommandodagbestuur of Kommandobestuur deurgee. Die aanbevelings moet behoorlik aangeteken word sodat die persone wat dit die volgende jaar moet organiseer daaraan aandag kan gee

Aan die einde van die jaar moet daar ook formeel ‘n oorsigtelike evaluasie van die aktiwiteite van die jaar gedoen word – “SWOT”. Al die doelwitte wat die vorige jaar gestel is moet ook nou ge-evalueer word. Daarna kan almal help met beplanning van volgende jaar se aktiwiteite met inagneming van die uitkomste van die evaluerings.

Die Kommandobestuur moet aan die einde van die jaar formeel aan die Oordleier (en Gebiedskantoor) verslag lewer van die stand van sake in die Voortrekkerkommando. In sekere gebiede word daar ook kortliks verslag in die middel van die jaar gelewer. Die Oordleier moet die nodige hulp verleen waar nodig of toesien dat die saak hanteer word.

7.3 Jaarprogram

Ten einde sinvol ‘n jaarprogram op te stel is die volgende nodig:

a) Nasionale-, Gebieds-, en Oord Voortrekkerprogramme - word in September van die voorafgaande jaar aan Voortrekkerkommandos beskikbaar gestel.
b) Operasionele doelwitte vir Voortrekkerkommandos.
c) Bykomende doelwitte wat deurgegee word vanaf Die Voortrekkers.
d) Doelwitte wat die Kommandodagbestuur self nodig ag nadat “SWOT” afgehandel is.
e) Datums van belangrike gemeenskaps aktiwiteite
f) Ander beskikbare belangrike datums – hemelvaart,

‘n Program vir die Kommando moet nou in Oktober van die voorafgaande jaar saamgestel word met inagneming van al bogenoemde. Baie kommandos plaas ook die verantwoordelike persoon of komitee wat die betrokke aktiwiteit moet organiseer in ‘n bykomende kolom op die program.

Die jaarprogram moet aan die Oordleier en Gebiedskantoor gelewer word op ‘n datum wat die Gebiedsbestuur bepaal.

7.4 Delegeer en gebruik van komitees (WWWWH)

Ten einde projekte/aktiwiteite behoorlik te organiseer moet ‘n persoon, maar ook ‘n komitee, opgedra word om dit te doen. Die volgende wenke is sinvol:

a) Gebruik die bepalings in die reglemente hoofstuk 12 om die samestelling en werkswyse van ‘n komitee te bepaal.
b) Wanneer ‘n projek of opdrag na ‘n persoon of komitee gedelegeer word moet die bepalings wat in die reglemente hoofstuk 17 nagegaan word.
c) Al die lede van ‘n komitee moet behoorlik (skriftelik) ingelig word wat presies van hulle verwag word – Bemagtiging.
d) Voeg kundige of onkundig, nuwe of ou Voortrekkers, offisiere of heemraadslede of staamakers, dames of mans ensomeer saam in een komitee sodat dit nie net ‘n paar is wat in die Kommando werk nie.
e) Die komitee moet ‘n leêr byhou met die belangrike reëlings, kontakte, program ensomeer wat aan ‘n komitee in die toekoma wat ‘n soortgelyke projekte aangebied is moet die komitee ook die inligting en die betrokke evalusie verslag ontvang. Daardeur kan toekomstige aanbiedings verbeter en foute/steurings verminder word.
f) Die Kommandodagbestuur moet toesien dat alle beplannings behoorlik geskied en kontroleer dat alles in plek is. Dit word gesê: “Delegering sonder kontrolering is abdikering!”

Hier volg ‘n kontrolelys vir tipiese Voortrekker projekte/aktiwitiete wat ‘n komitee kan gebruik om die stand van beplanning te evalueer:

a) Die doel en aard van die funksie - watter doelstellings gaan bevorder word
b) Watter groep en die grootte van die groep
c) Ouderdomsverspreiding
d) Datum, Tyd en tydsduur
e) Beskikbare lokaal/terrein met kombuis en ablusie geriewe as nodig
f) Weersomstandighede – tyd van jaar – beplan vir erge koue of reën

g) Vervoerreëlings van jeuglede en volwassenes na en van aktiwiteit
h) Word nog volwassenes benodig om te help met take
i) Inligting deurgee aan betrokke jeuglede/ouers/volwassenes in Voortrekkers
j) Bemarking van aktiwiteit
k) Hantering van inskrywings – bepaal ‘n sinvolle sperdatum vir sluiting
l) Program van dag - behoorlik gestruktureer - Wie,Wat,Waar,Wanneer,Hoe, en kontrolkolom vir gebruik met opvolg aksies
m) Verversings voorsien
n) Koste - begroting
o) Noodplan igv probleem en Noodhulppunt (hanteer deur wie)
p) ‘n Plan B igv erge ontwrigting weens weer, dubbel besprekings van fasiliteit ens
q) Opruiming aan einde van aktiwiteit
r) Bedankings – persoonlik en skriftelik
s) Verslag vir Kommandobestuur – saaklik
t) Hantering van finansies voor, tydens en na die projek
u) Dienspunt/admin punt by groter aktiwiteite
v) Enige ander punte??

7.5 Jaarverslag

Die Voortrekkers stel ‘n bepaalde jaarverslagvorm beskikbaar waarvolgens ‘n Voortrekkerkommando verslag moet lewer van werksaamhede. Die jaarverslag moet na 30 Oktober van elke jaar ingedien word maar nie later as 30 Januarie van die daaropvolgende jaar nie. Daar is egter ook Gebiede waar ‘n halfjaarverslag ingedien moet word na 31 Mei van die jaar.

Saam met die jaarverslag moet ‘n finansiële verslag en bateregister ingedien word.

Die jaarverslag, finansieële verslag en bateregister moet deur die Kommandobestuur goedgekeur word voor inhandiging. Die dokumente moet ook aan die Jaarvergadering voorgehou word.

8. ROL VAN ELKE VOLWASSENE

8.1 Organisasiestruktuur

As elke volwassene sy deel doen en selfs meer as sy deel belowe dit om goeie resultate vir die Voortrekkerkommando op te lewer. Elkeen moet egter weet wat van hom/haar verwag word en daarom is dit nodig om dit met die jaarlikse beplanningssessie aan elkeen weer deur te gee.

	KONGRES (Grondwet)	
LANDSWYD *Goud*	HOOFBESTUUR (Reglemente)	HOOFDAGBESTUUR (Nasionale prosedures) [Nasionale komitees]
GEBIED *Silwer*	GEBIEDSBESTUUR	GEBIEDSDAGBESTUUR (Gebiedsprosedures) [Gebieds komitees]

OORD *Rooi*	OORDBESTUUR	OORDDAGBESTUUR (Oordproseduers)
KOMMANDO *Blou*	KOMMANDOBESTUUR (Kommandoprosedures)	KOMMANDODAGBESTUUR
	JAARVERGADERING	

8.2 Die Kommandoleier

Oorhoofs verantwoordelik vir alles wat in die Voortrekkerkommando moet gebeur en moet verslag kan lewer van alles wat wel gebeur het.

8.2.1 Volgens die reglemente hoofstuk 20 artikel 5.5:

a) Tree op as voorsitter van die volgende vergaderings binne kommando-verband: jaarvergadering, kommandobestuur, kommandodagbestuur en offisiersraad.
b) Inisieer aksies om die Voortrekkerbeeld in die gemeenskap uit te bou.
c) Doen werwing van lede.
d) Tree op as verteenwoordiger van die kommando wanneer met buite-instansies in die gemeenskap geskakel word. (Die kommandobestuur kan goedskiks ook 'n ander offisier benoem om as gereelde verteen-woordiger op 'n gemeenskapsorganisasie te dien.)
e) Is aanspreeklik vir die sekretariële take binne die kommando en sien toe dat behoorlike notules gehou word, dat dokumente bewaar word en dat die kommando-argief deur 'n uittredende sekretaris aan sy opvolger oorhandig word.
f) Is aanspreeklik vir die kommando se finansies en medeverantwoordelik vir die hantering daarvan in ooreenstemming met Reglement, hoofstuk 14. Hy vergewis hom jaarliks van die geouditeerde finansiële verslag en onderteken dit voor voorlegging aan die kommandobestuur en jaarvergadering.
g) Sien toe dat uitvoering gegee word aan die opdragte van die gebiedsbestuur en die gebiedsdagbestuur, oordbestuur, kommandobestuur en offisiersraad.
h) Kom met die adjunkkommandoleiers ooreen oor 'n werkverdeling.

8.2.3 Wenke vir ‘n top kommandoleier

a) Skakel aktief in by totale gemeenskap – wees sigbaar betrokke.
b) Ken al die volwasenes wat in die Voortrekkerkommando betrokke is.
c) Wees basies vertroud met die inligting wat in die grondwet, reglemente, literatuurstukke, inligtingsbriewe, omsendbriewe ensomeer vervat is sodat navrae .
d) Woon Oordbestuurs vergaderings getrou by en stuur met hoogs uitsondering ‘n sekundus - maar te alle tye moet daar wel verteenwoordiging van kommando wees!
e) Onberispelike optrede binne en buite Die Voortrekkers.
f) Ken basiese vergaderingsprosedure
g) Stel die saak van Die Voortrekkers op alle openbare geleenthede in gemeenskap
h) Handhaaf gesonde verhoudings met alle gemeenskapleiers.

8.3 Die Kommandosekretaris/AKL admin

Oorhoofse verantwoordelikheid van alle sekretariële aktiwiteite van die Voortrekkerkommando volgens Reglemente Hfst 20 Par 5.5.2

a) Verantwoordelik vir die hantering/behandeling/afhandeling/ koördinering van die ondergenoemde sake:
   i) Gebiedsomsendbriewe.
   ii) Inskrywings vir gebieds- en ander kampe.
   iii) Aansoekvorms vir die silwer en goue voorjukke en spesiale toekennings.
   iv) Aansoeke vir weermagtoerusting vir kommandokampe.
   v) Byhou van loopbaanrekordkaarte vir jeuglede en offisierskaarte.
   vi) Aansoeke vir voorslag penkop/drawwertjie.
   vii) Inskrywings vir hoofleierswag- en presidentverkennertoetsing.
   viii) Briefwisseling.

b) Aanspreeklik vir alle korrespondensie. Alle korrespondensie moet deur hom na die streek, oord of gebied gaan. Alle korrespondensie aan die hoofbestuur behalwe uitnodigings moet na die adjunkgebiedsleier [administrasie] gaan wat dit verder voer. Alle korrespondensie moet onmiddellik aandag geniet en op die volgende vergadering behandel word.

c) Tree op as sekretaris van die volgende vergaderings binne kommandoverband: jaarvergadering, kommandobestuur, kommandodagbestuur en offisiersraad. Dit sluit onder andere in die oproep na die vergadering, die opstel van die sakelys, die afneem en skryf van die notule en die korrespondensie na afloop van die vergadering.

d) Verantwoordelik vir die opstel van die kommandojaarverslag en opgaafvorm in oorleg met ander lede van die Koomandodagbestuur.

e) Verantwoordelik vir die registrasie van alle lede van die kommando.

f) Die kommandobestuur kan van sy lede aanwys om die adjunkkommandoleier [administrasie] behulpsaam te wees met sekere van die take.

g) Wanneer die kommando nie 'n adjunkkommandoleier [finansies] het nie vervul die adjunkkommandoleier [administrasie] ook die pligte van 'n penningmeester.

8.4 Die Adjunkkommandoleiers

a) Een van die adjunkkommandoleiers staan die kommandoleier by in die uitvoering van sy pligte, insonderheid die take waarop in die werksverdeling ooreengekom is.

b) Een adjunkkommandoleier is die sekundus van die kommandoleier in al die gevalle waar die kommandobestuur nie uitdruklik 'n ander sekundus aanwys nie op voorwaarde dat sodanige aanwysing nie teenstrydig is met die grondwet en reglemente nie. ‘

c) ‘n Adjunkkommandoleier is verantwoordelik vir die indiensopleiding en motivering van die offisiere.

d) ‘n Adjunkkommandoleier is verantwoordelik vir die koördinering van die jeugvriendaksies.

e) Elke offisier en staatmaker wat op 'n dagbestuur van 'n bestuursliggaam op oord-, gebieds- en hoofbestuursvlak dien, vervul ook die posisie van 'n addisionele adjunkkommandoleier in die kommando waar hy geregistreer is. Sodanige offisiere en staatmakers het egter nie stemreg op kommando-

dagbestuursvergaderings nie, maar wel op kommandobestuurs-vergaderings.

8.5 Die Kommandopenningmeester/AKL finansies

a) Bestuur die finansies en bates van die kommando.
b) Doen op elke kommandobestuursvergadering verslag oor die stand van sake van die kommando se bates en finansies nadat hy vooraf aan 'n heemraadslid dokumente voorgelê het om sy verslag te staaf.
c) Die boeke van die kommando is te eniger tyd toeganklik vir die lede van die kommandobestuur.
d) Wanneer die adjunkkommandoleier [finansies] uittree of bedank moet alle bates en die finansiële boeke binne dertig dae aan die opvolgende adjunkkommandoleier [finansies] oorhandig word in teenwoordigheid van die kommandoleier of aan die kommandoleier self. Die uittredende adjunkkommandoleier [finansies] moet 'n ontvangsbewys vir alles wat so oorhandig is kry en 'n afskrif daarvan vorm deel van die kommando-argief.

Die Penningmeester kan nie dieselfde bed as die Kommandoleier deel nie – dan moet iemand anders die finansiele state gereeld opstel!

8.6 Die Heemraadslid

a) Wie word 'n Heemraadslid

Dit is gewoonlik 'n entoesiatiese ouer wat ingespan word om 'n Heemraadslid by *Die Voortrekkers* te wees. Die Heemraadslid is egter baie meer as net 'n belangstellende Voortrekkerouer. Die Heemraadslid is deel van die Kommandobestuur wat as mede-vennoot saam met al die offisiere die bedrywighede van die Voortrekkerkommando beplan en bevorder. Daar kan ook ander persone as ouers verkies word as Heemraadslede soos die skoolhoof, onderwyser, predikant of enige ander volwassene in die plaaslike gemeenskap wat belangstelling toon om van die Voortrekkerkommando 'n sukses te maak.

b) Verkiesing van Heemraadslid

Heemraadslede word jaarliks op die jaarvergadering van die Voortrekkerkommando verkies soos in die Grondwet (Art 22.8) en Reglemente (Hfst 18, Art 15) bepaal. Elke kommando moet ten minste XX maar nie meer as XX Heemraadslede verkies nie. Die jaarvergadering kan aan die begin of aan die einde van die jaar plaasvind volgens besluit van die Kommandobestuur. Die Kommandobestuur is verantwoordelik om van dit 'n geleentheid te maak waar soveel moontlik ouers teenwoordig kan wees. Dit kan ook saam met 'n jaareindfunksie gehou word.

c) Lidmaatskap van Heemraadslid

Heemraadslede word volwasse lede van *Die Voortrekkers,* registreer en betaal lidmaatskapgelde. Hulle lê die belofte vir Heemraadslede af met inlywing maar is nie verplig om Voortrekkerdrag te dra nie. Hulle kan wel aktiewe drag dra soos ander Voortrekkers. Hulle woon Kommandobestuursvergaderings by asook eie Heemraadsvergaderings. Hulle ontvang erkenning vir diensjare indien aan die vereistes in die Reglemente voldoen (Hfst XX, Art XX), ontvang punte vir ABC toekenning, mag alle Voortrekkerkursusse vir volwassenes deurloop en kan in

aanmerking kom vir Penning besondere diens soos in die Reglemente bepaal (Hfst 11, art 9,10, 11 en 12).

d) Hulp in spanverband

Baie Voortrekkerkommandos gebruik die Heemraadslede aktief in spanverband en wys vir elke span ‘n heemraadslid aan wat die spanoffisier bystaan met aktiwiteite. Dit is meestal een van die ouers van die kinders in die span maar dit is nie verpligtend nie. Hiermee ‘n paar sake wat wel met ‘n Heemraadslid ooreengekom kan word om behulpsaam mee te wees:

- Persoonlike hulp met spesifieke spanaktiwiteite
- Hulp met spankamp of staptoer
- Hulp met vervoer van span
- Fondse insamel vir spanaktiwiteite
- Raadgewend – u ken tog u eie kind beter
- Skakeling tussen ouers en offisier
- Bepaalde kennis en vaardigehede voorsien in verband met spesialisasies en graadwielwerk
- Werwing van maats vir die span
- Spanjaarprogram – beplanning en nuwe idees
- Beeldbou van die span in die kommando en gemeenskap
- Kenmekaar reël vir die ouers van span
- Kinders motiveer tot meer getroue bywoning
- Hulp met administratiewe reëlings van span
- Bywoning van kampe: span, kommando en gebied

e) Hulp met kommandoaktiwiteite

Die Heemraadslid het bepaalde verantwoordelikhede as lid van die Kommandobestuur (Grondwet, Art 22.6). Gedurig word egter gevra wat meer gedoen kan word. Die volgende wenke word wel sinvol geag as funksies waarmee hulle behulpsaam kan wees. Elke kommandobestuur moet die opdragte spesifiek met die heemraadslede uitklaar.

- Positiewe beïnvloeding van die bestuursliggaam van skole
- Motivering van die totale gemeenskap
- Plaas van nuusberigte in koerante
- Samewerking met naburige kommandos bevorder
- Beïnvloed ouers om op beheerliggame en komitees van skool en kerk te dien
- Heemraadslid tree op as Jeugvriend-koördineerder
- Hantering van die kommando-argief/biblioteek/hulpmiddels
- Hantering van Voortrekkerdrag bestellings en klerebank
- Hulp met Voortrekkerdrag en literatuur aankope
- Hulp met administrasie, tik- en dupliseerwerk
- Aanbieding van bepaalde aspekte van Voortrekkerwerk
- As toetsoffisiere vir spesialisasie kentekens optree
- Hulp by kampe – vanaf spankamp tot gebiedskampe
- Fondsinsamelingsprojekte en ander groot projekte help beplan en bestuur
- Hulp by kommandobyeenkomste en algemene aktiwiteite
- Verversings organiseer tydens bepaalde Voortrekkeraktiwiteite
- Bou ‘n uitstalling wat algemeen gebruik kan word.

8.7 Die Veldkornette

Regl Hfst 20 par 6.3.1

a) Die veldkornet is daarvoor verantwoordelik dat 'n hoë standaard van Voortrekkerwerk in die veldkornetskap gehandhaaf word:
   1. Hy sien toe dat elke span die regte werk vir die jaar doen volgens 'n vooraf-opgestelde program.
   2. Hy sien toe dat elke span se graadwieltoetsing op standaard is.
   3. Hy sien toe dat alle spanwerk insluitende spesiale onderskeidings-kentekenwerk gekontrolee word.
   4. Hy sien toe dat spanadministrasie op datum is.

b) Die veldkornet is mede-verantwoordelik vir voorligting aan en indiens-opleiding van offisiere.

c) Die veldkornet help om geskikte spanoffisiere te werf.

d) Die veldkornet adviseer die offisiersraad oor die aanwysing van geskikte toetsoffisiere vir graadwielwerk en spesiale onderskeidingskentekenwerk.

e) Die veldkornet koördineer die aktiwiteite van die veldkornetskap.

8.8 Die rol van Spanoffisiere
Regl Hfst 20 par 6.3.2

a) Die adjudant is as spanoffisier daarvoor verantwoordelik dat span-vergaderings volgens 'n voorafopgestelde jaarprogram verloop.

b) Die adjudant moet graadwiel- en spesiale onderskeidingskentekenwerk volgens die vereiste standaard afhandel.

c) Die adjudant reël vir kundiges (ook jeugvriende) om hom by te staan met aspekte van graadwiel- of spesiale onderskeidingskentekenwerk en ook om so ouers en buite-persone by *Die Voortrekkers* te betrek.

8.9 Die rol van Staatmakers
Die organisasie van staatmakers word in die reglemente hoofstuk 8 omskryf. Verder is daar ook ‘n *staatmakerhandleiding* beskikbaar waarin die werksmetode en verantwoordelikhede van staatmakers omskryf word. Voordat iemand enige uitsprake rondom die rol van staatmakers wil waag moet die twee genoemde dokumente eers behoorlik bestudeer word. Staatmakers moet ook seker maak dat hulle wel optree binne die bepalings hierin omskryf!

Staatmakers moet so gou as moontlik na aansluiting die staatmaker kursus deurloop wat deur die gebiedsdagbestuur in die gebied gereël word. Staatmakers moet ook met die betrokke gebiedskakeldraer kontak maak sodat hulle op hoogte sal wees van die organisatoriese bepalings van die betrokke gebiedsbestuur tov staatmakers en staatmaker aktiwiteite in die gebied.

In hoofsaak moet die staatmakers sowat 50% van hulle tyd wat hulle aan Voortrekkerwerk afstaan wy aan dienslewering op kommando-, oord-, gebieds en nasionale vlak. In besonder word die bydrae op gebiedskampe hoog aangeslaan maar staatmakers moet beslis baie meer aktief op kommandovlak ‘n positiewe bydrae lewer.

Die ander 50% deel van die staatmaker se Voortrekkerwerk word spandeer aan eie opleiding, lewensverryking en sosialisering met eie portuurgroep. Staatmakers moet steeds in alle aktiwiteite wat deur hulself georganiseer word die grondwet (gronslag, wese, doelstellings, kode en belofte) en reglemente behoorlik onderskryf. Staatmakers word gladnie verskoon van die bepalings van die gedragskode, protokol en voortrekkerdrag nie en moet dit nougeset nakom.

Deur korrekte optrede kan hulle ‘n positiewe lewens ingesteldheid by die jeug vestig net deur voorbeeld. Dit kan waarde toevoeg tot ‘n kommando se aktiwiteite.

8.10 Die rol van Jeugvriende

8.10.1 Hoekom Jeugvriende

Daar bestaan ‘n behoefte by ‘n aantal volwassenes om deel te wees van ‘n lojale ondersteunersgroep wat hulleself daartoe verbind om ‘n diens aan die Voortrekkers te lewer maar om bepaalde redes nie as ‘n voltydse offisier, heemraadslid of staatmaker betrokke kan wees nie.

Daar is ook ‘n behoefte by lede van Die Voortrekkers wat vir baie jare aktief leiding geneem het in Die Voortrekkers om verder betrokke te bly. Hierdie persone het waardevolle kundigheid wat vir Die Voortrekkers behoue kan bly.

Jeugvriende kan ‘n groot bydrae lewer om die aktiwiteite van Die Voortrekkers in die betrokke gemeenskap of selfs wyer behoorlik uit te bou. Daarom wil Die Voortrekkers graag aan persone wat om hierdie redes by Die Voortrekkers betrokke wil wees, lidmaatskap as jeugvriend bied.

8.10.2 Wat kan die Jeugvriend bydra tot die Voortrekkers

a) Persoonlike ondersteuning van Die Voortrekkers in die gemeenskap of werksomgewing.
b) Beskikbaarstelling van fassiliteite soos vergaderlokale, kampeerterreine, vervoermiddels, dupliseerfassilteite, rekenaartoerusting en sekretariële hulp
c) Aanbied van lesings op eie kundige gebied aan jeuglede en volwasse lede.
d) Daarstelling en instandhouding van argief/museum vir Die Voortrekkers en Afrikanerkultuur.
e) Betrokke wees in projekte soos koffieprojek, bouprojek, fondsinsamelingsprojekte en herstelwerk.
f) Hulpoffisiere van spanne en by gebiedskampe en hulp met funksies.
g) Stel sy werksomgewing beskikbaar vir senior jeuglede om inligting in te win vir die maak van ‘n beroepskeuse.
h) Behulpsaam om borge vir Die Voortrekkers te bekom ten einde behoeftige gesinne en ander Voortrekkerprojekte te ondersteun
i) Span en kommando administrasie hulp, stoorkamer fassiliteit en stoormeester
j) Finansiële beplanning, boekhouding en oudit van boeke
k) Foto’s neem, maak albums en ander argiefmateriaal
l) Hanteer ‘n biblioteek en argief vir die kommando.
m) Rekords/loopbaanrekordkaarte op datum hou.
n) Jaarblad vir kommando saamstel.
o) Media berigte gereeld skryf en saam met fotos instuur.
p) Voortrekkerdrag bestellings hanteer.
q) Bevorder die beeld van Die Voortrekkers in die gemeenskap.

8.10.3 Wat kan Die Voortrekkers aan die Jeugvriend bied

a) ‘n Ruimte waarbinne die Jeugvriend voel dat hy/sy ‘n waardevolle bydrae lewer tot die uitbou van die Christen-Afrikaner kultuur binne die Suid Afrikaanse gemeenskap.

b) Geleentheid waar die jeugvriend persoonlike inligting kan bekom rondom die stand van die Afrikanerkultuur in sy gemeenskap en self hulp kan aanbied waar dit nie so goed gaan nie.
c) Persoonlike verrykingsgeleenthede met ons eie Voortrekker kursusse en toegang tot ander bekende kursusse.
d) Jeugvriende bekom ook al die finansiële voordele wat ons vir Die Voortrekkers se volwasse lede beding.
e) Geleentheid om met mense van die Jeugvriend se eie kultuurhuishouding te sosaliseer.
f) Jeugvriende verkry ook toegang tot diensvoordele wat vir volwassenes daargestel word soos ‘n verlore sleutels diens.
g) Toegang tot Voortrekkerinligting dmv e-pos en internet.
h) Meelewing uit die Afrikanerkultuur huishouding met geleenthede soos verjaarsdae en ander besondere gebeurtenisse.
i) Toegang tot gebruik van fassiliteite van die Voortrekkers.

8.10.4 Hoe nou verder

a) Wys ‘n spesifieke persoon op die Kommandobestuur aan wat die Jeugvriende se betrokkenheid sal beplan en verder organiseer – Adjunkkommandoleier, Heemraadslid of Jeugvriend koördineerder.
b) Werf Jeugvriende persoonlik en gee die inligtingstuk en inskrywingsvorm vir Jeugvriende, wat deur Die Voortrekkers beskikbaar gestel word, aan hulle.
c) Skryf hulle by die Gebied in as Jeugvriende en betaal die minimum administrasiegelde.
d) Stel ‘n netjiese lys op van al die punte waarmee hulle behulpsaam kan wees en gee dit aan die Kommandobestuur deur.
e) Hou hulle betrokke by sake van belang in die Voortrekkerkommando en Die Voortrekkers in die algemeen.
f) Onthou om dankie te sê aan die einde van die jaar of wanneer hulle vertrek!
g) Behou hulle as jeugvriende vir ‘n langer periode en ken dan die Voortrekkervriend toekenning en later ook die Penning vir uitstaande jeugdiens: Brons van Die Voortrekkers aan hulle toe – sien die betrokke reglement (hfst 11)

8.11 Die Ouers

8.11.1 Uitgangspunt

Alle ouers stel belang in die aktiwiteite waaraan hulle kinders deelneem. Indien 'n ouer 'n kind stuur vir tennis of ballet weet hulle presies waaraan hulle kind blootgestel word. Die kommando moet seker maak dat voornemende ouers presies weet waaraan sy kind blootgestel word by *Die Voortrekkers*. Baie ouers handel in goedertrou, wat baie waardeer word, maar is dit regverdig teenoor die ouer om hom nie in te lig nie. Hou ook die spreekwoord in gedagte: onbekend maak onbemind.

Indien daar nie wederkerige belangstelling van en in *Die Voortrekkers* is nie, sal die belangstelling en meelewing van die ouers verflou en kan dit wees dat die kind nie die aanmoediging en ondersteuning van ouerkant kry wat so broodnodig is nie.

Die Voortrekkers verwag van sy kant dat die meelewende ouer sekere pligte moet nakom soos dit hieronder aangedui word. Die kommando moet egter altyd

in ag neem dat die ouers nie kan weet wat van hulle verwag word as hulle nie voorligting ontvang nie. Ongelukkig versuim baie kommando's hulle plig in dié verband en kla dat hulle nie die samewerking van die ouers het nie. Dit kan 'n spesifieke taak van die spanoffisier wees om die ouers as sy verantwoordelikheid te aanvaar en hulle in te lig oor wat van hulle verwag word en wat in die spesifieke span aangebied gaan word.

8.11.2 Toestemming tot lidmaatskap

Die vader (of voog) van die jeuglid moet aansoek doen en toestem dat die kind 'n lid van *Die Voortrekkers* mag word en aan al sy bedrywighede mag deelneem. Die ouer moet homself ook vergewis van die doelstellings van *Die Voortrekkers*. Die ouers onderneem ook terselfdertyd om die jeuglid aan te moedig om getrou sy bydrae te lewer. Daarby moet die kommando die ouer ook inlig wat sy pligte sal wees.

8.11.3 Ledegeld

Die ouer is verantwoordelik daarvoor dat die jeuglid sy ledegeld jaarliks voor die sluitingsdatum betaal. Vir alle buitemuurse aktiwiteite word ledegeld gehef. *Die Voortrekkers* is nie 'n uitsondering nie. As die koste van Voortrekkerwerk met ander aktiwiteite vergelyk word, vergelyk *Die Voortrekkers* baie gunstig.

8.11.4 Voortrekkerdrag

Elke Voortrekker moet voortrekkerdrag besit en die ouers is verantwoordelik vir die koste daarvan. Die kommando reël vir die bestelling daarvan. Wanneer die voortrekkerdrag ontvang word, moet die ouers toesien dat die kentekens netjies en presies volgens die voorskrifte aangewerk word. Vir dié doel moet die kommando die voorskrifte verskaf. Die ouers word versoek om die jeuglid se voortrekkerdrag te versorg sodat dit skoon en netjies is wanneer hy dit aantrek. Ouers moet ook bewus wees van die reël dat dele van die voortrekkerdrag nie met ander klere gedra word nie.

8.11.5 Literatuur

Van ouers word verder verwag om die voorgeskrewe literatuur vir die jeuglid aan te koop, byvoorbeeld penkop/drawwertjie werkboeke of *Verkennerlewe*. Baie Voortrekkerkommandos sluit dit in by jaargelde.

8.11.6 Kampe, uitstappies en toere

Ouers moet die kennisgewing vir bywoning van kampe byvoorbeeld span-, kommando-, oord- of gebiedskampe, uitstappies of toere betyds onderteken en die kampgeld voor die sperdatum inbetaal. Indien dit nie gedoen word nie, bemoeilik dit die reëlings vir die kamp en dit kan wees dat die jeuglid sy kans verbeur om deel te neem. Wanneer die kamptyd aanbreek, moet ouers toesien dat die benodigde artikels goed gemerk is en ingepak word.

8.11.7 Vervoer

Onder sekere omstandighede moet jeuglede na en van Voortrekkerbyeenkomste, byvoorbeeld spanvergaderings en kampe vervoer word. Die ouers kan onder mekaar reël om beurte daarmee te maak. Dit is nie die offisier se verantwoordelikheid nie. Die ouers moet sorg dat die jeuglid betyds is en ook betyds afgehaal word.

8.11.8 Byeenkoms van ouers van spanlede

Ouers van jeuglede wat in 'n bepaalde span ingedeel is, behoort **minstens** aan die begin van elke jaar saam met die spanoffisier te vergader om mekaar te leer ken, die spanjaarprogram te bespreek en knelpunte uit te skakel.

8.11.9 Ondersteuning van Voortrekkeraktiwiteite

Die ouers moet Voortrekkerfunksies met hulle bywoning en geldelike bydrae ondersteun. Die kommando ploeg al die fondse wat ingesamel word op een of ander wyse weer terug na die kinders.

Dit is belangrik dat elke ouer die jaarvergadering van die kommando bywoon waar verslag gelewer word oor die afgelope jaar se werksaamhede, waar beplan word vir die jaar wat voorlê en waar die ouers stemreg het om die heemraadslede vir die volgende jaar te verkies.

8.11.10 Belangstelling

Die ouers kan baie bydra om die regte klimaat te skep indien hulle belangstel in die jeuglede se aktiwiteite. Wanneer die kinders besef dat hulle ouers belangstel, sal hulle voel dat *Die Voortrekkers* 'n belangrike aktiwiteit is. Wanneer die ouers nie juis belangstel nie of baie kla oor Voortrekkerwerk en -aktiwiteite, word die kinders ook negatief. Dit is ook belangrik dat die ouers aan *Die Voortrekkers* 'n plek in die gemeenskap moet gee. Die offisiere is week na week met die spanbyeenkomste besig. Die ouers moet toesien dat *Die Voortrekkers* ook die nodige status in die gemeenskap kry.

8.11.11 Motivering van jeuglede

Dit gebeur dikwels dat jeuglede wil tou opgooi en nie meer verder lid van *Die Voortrekkers* wil wees nie en dan is die aanmoediging en ondersteuning van die ouer 'n baie belangrike faktor om te verhoed dat die kind vir *Die Voortrekkers* verlore raak.

8.11.12 Die ouer as bykomende hulp

Die Voortrekkers het altyd behoefte aan bykomende hulp om die offisier (wat meestal ook 'n ouer is) se taak te vergemaklik. Daar is heelparty geleenthede waar die ouers waardevolle hulp kan verleen. Hier moet egter toegesien word dat pesone nie so omgepraat word of hulle in 'n posisie of take in dwing waarvoor hulle geen aanleg of belangstelling het nie. Dit sal hulle net frustreer en ongelukkig maak en sal die teenoorgestelde tot gevolg hê as wat graag bereik wil word.

Ouers kan as heemraadslede, spanvoogde of jeugvriende betrek word by die aktiwiteite van die kommando.

8.11.13 Algemeen

Die ouers ondersteun die kommando en die kommando mag nooit onmoontlike eise aan sy ouers stel nie. Die kommando moet uit sy pad gaan om ouers tegemoet te kom, byvoorbeeld deur hulle toe te laat om die verskuldigde gelde in paaiemente af te betaal, of om uniforms te huur, of om te sorg dat die kommando 'n tweedehandse uniformbank bedryf.

Waar die ouers 'n diens aan die kommando lewer, moet die kommando daardie diens erken. Dit kan op verskeie maniere geskied naamlik deur dit in 'n program te druk of deur middel van 'n dankie-sê briefie/sertifikaat.

'n Kommando moet in gedagte hou dat daar altyd onbetrokke ouers sal wees. In so 'n geval moet die rede vir hulle onwilligheid om betrokke te raak vasgestel word. Baie keer is oproepe wat gemaak is in die algemeen en nie persoonlik genoeg nie. Onthou ook dat die meeste ouers deur hulle kinders bereik kan word en dat die onbetrokke ouer deur die jeuglid betrek kan word.

Deur die ouers by *Die Voortrekkers* te betrek, gee ons aan meer persone die geleentheid om deel te hê aan die uitlewing van ons doelstellings en om betrokke te raak by die vorming van hulle kinders se lewens- en wêreldbeskouing.

8.12 Rol van Mentors

Dit word ten sterkste aanbeveel dat daar altyd ‘n mentor aangewys word vir nuwe spanoffisiere of ander persone wat nuut tot enige funksionele rol in die Voortrekkerkommandos verkies word. Moenie dat ‘n volwassene ooit voel dat hy/sy aan die diepkant ingegooi word en sonder enige hulp moet swem nie. Ou Voortrekkers moet te alle tye ywerig hulle kennis en vaardighede beskikbaar stel aan nuwelinge en sodoende ‘n gees van samehorigheid skep. Ou Voortrekker offisiere wat nie meer spanne neem nie kan juis hier gebruik word. Die Adjunkkommandoleier wat verantwoordelikheid neem vir volwasse sake moet saam met die Veldkornette die saak behoorlik hanteer.

8.13 Kommandobeskermheer

Voortrekkerkommandos kan ‘n beskermheer aanwys ooreenkomstig die bepalings in die reglemente hoofstuk 3 artikel 8.

Die gebruik van ‘n beskermheer/vrou moet sinvol tot voordeel van Die Voortrekkers in die gemeenskap aangewend word.

9. FINANSIES

Die hantering van finansies en bates in die kommando word in die grondwet artikels 15 en 22.6.2 asook die reglemente hoofstuk 13 omskryf.

9.1 Begroting en jaargeld vasstelling

In September van die voorafgaande jaar maak Die Voortrekkers die bedrag ledegeld betaalbaar aan Die Voortrekkers aan Voortrekkerkommandos bekend. Die Adjunkkommandoleier: Finansies (penningmeester) van die Kommando moet nou ‘n begroting opstel waarin die genoemde ledegeld bedrag ingewerk word tesame met die finansiële behoefte van die Kommando. Die begroting moet deur die Kommandobestuur goedgekeur word waarna die totale bedrag ledegeld vir die jaar (jaargelde) aan die ouers deurgegee word.

Deur spesifieke fondsinsamelingsmetodes wat werk in die betrokke gemeenskap vir die Kommando te identifiseer kan die Kommando finansieël meer onafhanklik funksioneer. Bruikbare bates kan aangekoop word wat dit weer makliker vir spanoffisiere maak om die vlak van Voortrekkerwerk aanbieding te verbeter.

Volwassenes kan ook finansieël bygestaan word om items aan te koop om aanbiedings meer interesant te maak, kursusse by te woon, saam jeuglede te gaan kamp ensomeer. Nie alle volwassenes kan dit altyd bekostig nie.

9.2 Boekhouding en verslag

Behoorlike boekhouding is noodsaaklik. Daar moet in besonder aandag gegee word aan die hantering van alle kontant inkomstes. Die kommandoleier moet gereeld die boeke noukeurig nagaan of iemand aanwys om dit te doen indien hy/sy self onkundig is hierin. Behoorlike maar ook gereelde verslag aan die Kommandobestuur, deur die loop van die jaar met elke Kommandobestuursvergadering, is noodsaaklik.

Ten minste moet daar met elke Kommandobestuursvergadering ‘n inkomste en uitgawestaat getoon word wat die volgende sal aandui:

a) Saldo oorgebring (kontant, lopend en spaar)
b) Alle inkomstes (ten minste die volgende aandui: Ledegeld, voortrekkerdrag, literatuur, gebiedskampe (gespesifiseer), spanfondse, fondsinsamelingsprojekte (spesifiseer)
c) Alle uitgawes (ten minste met dieselfde hoofde as inkomstes en dan ander uitgawes soos begroot)
d) Bruto wins
e) Saldo afgebring (kontant, lopend en spaar)

Verskeie kere het redelike bedrae kontant sommer so in ‘n kommando verlore gegaan – iets wat ‘n Voortrekkerkommando beslis nie kan bekostig nie. Absolute kontrole is noodsaaklik en enige ongerymdheid moet onmiddelik onder die aandag van die gebiedsdagbestuur gebring word.

9.3 Bateregister

Baie geld word spandeer aan die opbou van bates vir die Voortrekkerkommando. Die Kommandobestuur moet toesien dat die bates behoorlik opgeteken en versorg word. ‘n bateregisiter bied ook aan die offisiere geleentheid om te sien wat beskikbaar is vir gebruik.

Die Kommando is ook verantwoordelik om versekering te reël waar toepaslik.

Versorging van bates – verhuring, herstel, netheid ens belangrik

9.4 Versorging van bates

a) **Versekering**

Duursame toerusting kan by die betrokke gebied verseker word en die Kommandokas sal die jaarpremie dra. Items kan ook op die persoonlike versekering van lede van die Kommandobestuur geplaas word en die betrokke jaarpremie weer aan die lid betaal word.

Items is geensins outomaties by Die Voortrekkers verseker nie

b) Stoormeester

Indien toerusting gestoor word – versorg behoorlik!
Maak betyds reg – word net duurder om later reg te maak!
Hou batelys op datum!

Geboue en terreine moet behoorlik onderhou en benut word.

c) Verhuring van bates

Indien eie terrein of toerusting vir verhuring beskikbaar gestel word aan die gemeenskap of aan lede van die Kommando moet ‘n billike tarief gevra word. Dit is algemene gebruik dat lede ‘n kleiner bedrag sal betaal vir gebruik van fassiliteite en toerusting. Verder is dit ook algemene gebruik om toerusting aan skole en kerke in die gemeenskap beskikbaar te stel want daar word dikwels weer van hulle lokale gebruik gemaak. Die toerusting behoort in elk geval aan dieselfde ouergemeenskap maar moet steeds noukeurig opgepas word.

9.5 Fondsinsamelingsprojekte

Kreatiewe denke is baie nodig as dit by fondsinsamelingsprojekte kom. Nuwe idees is noodsaaklik om ou metodes wat deur ander organisasies, skole en kerke gebruik word te vervang om steeds ‘n billike finansiële deel van die gemeenskap se fondse te bekom. Hier volg voorbeelde van projekte wat deur die loop van jare suksesvol deur Kommando’s aangewend is:

a) Koffieblik verkope
b) Hotdog/hamburger/pannekoek stalletjies – baie plekke moontlik
c) Speletjieaande vir kinders - R1 of R2 aand (onthou snoepie!)
d) Potjiekosaande – verkoop borde kos
e) Golfdae reel
f) Diefwering en/of loergaatjies insit
g) Visvangkompetisie
h) Waterkaskenades – waterspeletjies op ‘n vakansiedag/Vrydagmiddag
i) Met oueraand by skool – verkoop etes/verversings
j) Woekerfonds
k) Treinrit vir gemeenskap
l) Vakansies - huise en swembad oppas
m) Verkoop baksteen/plaatjies tydens oprigting van fassiliteite
n) Teeparty in ’n mooi tuin
o) Organiseer spanlede as babaoppassers
p) Borge vir aktiwiteit bekom of behoeftige kinders
q) Tuinversorging weekliks
r) Sopaande
s) Marathon/Pretdraf/Fietsry aanbied
t) Sokkies aanbied vir jeug – goeie toesig en beheer noodsaaklik
u) Kermis aanbied of betrokke by skool of kerk se kermis met stalletjies
v) Hanteer verkope van Tupper/Sportron/Charcoil/vrugtesap ensomeer.
w) Tweedehandse klere/items – kattebak verkope
x) Bottels en koerante versamel
y) Maak valentynskaartjies
z) Motorwas in parkeerareas
aa) Verkoop van kunsvlyt artikels -kersmark
bb) Skietkompetisie/skietdag
cc) Uitkoop van teaterblok – verkoop kaartjies aktief
dd) 4X4 roetes en duineroetes – dag/naweek
ee) Kaskarwedrenne – borg kinders
ff) Damkaskenades met kermis effek – oorslaap en roei
gg) Kanaalroei - met gepaardgaande aktiwiteite

hh) Verversings voorsien met ‘n rugbydag/sportdag by skool

9.6 Spanfonds hantering

Inkomste en uitgawe staat van span se gelde moet aangeteken word en deur ‘n ouer/heemraadslid geteken word.

10. ADMINISTRASIE/DOKUMENTASIE/ARGIEF (Die Kommandokantoor!)

10.1 Die hart (en siel) van die Kommando!

Dit is die hele Voortrekkerkommando se plig om toe te sien dat die administrasie van die Kommando op peil bly!! Almal wil dit suskes volmaak. Daar kan werklik gekyk word of ‘n kantoor nie by ‘n huis, ‘n besigheid, skool, kerk gevestig kan word nie. Die sekretaris sal meeste gebruik maak van kantoor maar party kommandos stel administratiewe beamptes aan wat dit daagliks vir ‘n deel van die dag bedryf!

10.2 Kommandoreëls

Elke Voortrekkerkommando moet ‘n bundel dokumente aan elke lid van die Kommandobestuur aan die begin van die jaar oorhandig.
Daar word in die algemeen verwys na die Kommandoreëls maar dit is in alle werklikheid ‘n bundel van dokumente wat die volgende insluit: Jaarprogram, Kontaknommers, Standaard gebruike en werksmetodes, vorms vir kommando gebruik, komitees

10.3 Loopbaanrekord /spanregister

Die Kommandosekretaris moet behoorlik rekord hou van elke lid se diensjare as Voortrekker. Die rekord moet altyd gehou word en ‘n afskrif daarvan moet aan die lid beskikbaar gestel word indien hy/sy na ‘n ander Kommando verhuis. Dit kan egter nie behoorlik gedoen word indien die spanoffisier nie sy spanregsiter noukeurig invul nie.

10.4 Korrespondensie

Korrespondensie na bo en buite, na middel (mede VT) en na onder (ouers en jeuglede)

Gereelde en effektiewe kommunikasie met alle belanghebbende partye geskied gereeld, Skrywes moet behoorlik, volledig en netjies vertoon want dit dien ook as beeld van die Kommando se administrasie. Datum van skrywe, onderwerp waaroor skrywe handel, naam van skrywer ens is baie belangrik.

Gereelde inligtingsbriewe aan ouers en volwassenes is ook nnodsaaklik ten einde almal behoorlik ingelig te hou rondom aktiwiteite van die Kommando.

Komponente van korrespondensie – e-pos, fakse, slakkepos, kommunikasie sentrum, via kinders na en vn skool en kerk ensomeer.

10.5 Liasering en Argiewe

Sien die bepalings van die reglemente hoofstuk 15 in die verband.

Elke kommandobestuur moet toesien dat alle dokumente wat in gebruik is asook argief dokumente behoorlik versorg en geberg word. Daar moet ‘n *behoorlike indekslys* van alles wat in die liaseerstelsel opgeneem is beskikbaar wees en

bygehou word. Die persoon wat die liaseerstelsel en argief hanteer moet die indeks en volledige inhoud persoonlik aan sy/haar opvolger oordra.

Wenke:

a) Gaan gedurig die inhoud van die argief na en vernietig onnodige dokumentasie.
b) Stel voldoende fassiliteite beskikbaar om die argiewe te berg.
c) Stel die argiewe van tyd tot tyd oop vir die Kommandobestuur om na te kyk.
d) Moenie dokumente hou waarvan die oorspronklike deur ‘n ander bestuursliggaam gegenereer is nie – die bestuursliggaam moet dit self stoor.
e) Argiewe kan nie net op ‘n rekenaar gestoor word nie – leesbaarheid na ‘n paar jaar dalk nie moontlik!

10.6 Dokumente deur ‘n kommando geskep

Die volgende dokumente moet in ‘n kommando beskikbaar wees en aan almal op kommandobestuur beskikbaar gestel word.

a) Notules binne twee weke uit, kommentaar verwerk, besluite word opgevolg.
b) Kommandoreëls behoorlik op skrif en word jaarliks hersien.
c) Jaarprogram – begin van jaar
d) Kontak nommers van kommandobestuur
e) Kontaknommers van gemeenskapsleiers en na buite
f) Jeugvriend lys – nommers en aard van hulp
g) Literatuurlys (biblioteek)
h) Beskikbare hulpmiddels
i) Trofees in kommando – kriteria behoorlik uiteengesit
j) Argief indeks

10.7 Gebruik van rekenaarpakette

Die gebruik van ‘n rekenaar het die administrasie van ‘n kommando beslis vergemaklik maar dit skep ook baie nuwe verwagtings wat nie altyd maklik deur ‘n sekretaris of penningmeester gelewer kan word nie.

Die gebruik van Access, pastell, eie programme word aangemoedig. Maak egter seker dat inhoud maklik herwin kan word. Maak ook seker dat een “backup” gereeld gemaak word en altyd op ‘n ander plek gestoor word – diefstal en brand verloor alle data. Dit is ook sinvol om van elke jaarverslag, finansiële verslag, notule, spanlys een gedrukte kopie te stoor. ‘n Rekenaarprogram se leesbaarheid kan maklik in die toekoms tot niet gaan maar ‘n gedrukte dokument kan nog 50 jaar later gelees word!

11. OPLEIDING VAN VOLWASSENES VAN VOORTREKKERKOMMANDO

Opleiding van volwassenes geskied ooreenkomstig die bepalings in die reglemente hoofstuk 9. Gereelde en spontane bywoon van opleidingsgeleenthede binne en buite die Voortrekkerkomando is werklik van groot waarde vir die Voortrekkerkommando.

11.1 Waarde van opleiding

Opleiding in al die aspekte van Voortrekkerwees is absoluut nodig sodat die tyd wat spandeer word aan Voortrekkerwerk hoogs effektief en sinvol sal wees.

Voortrekkerwerk sal hierdeur meer susksesvol afgehandel word. Die Voortrekkers kan nie net staatmaak op ‘n volwassene se liefde vir die Afrikanerjeug en sy eie kennis en vaardighede nie.

Met al die formele en informele opleidingsgeleenthede wat aangebied word, word die volgende bereik:

a) basiese *kennis* word vermeerder
b) basiese *vaardighede* word bemeester
c) volwassenes word gemotiveer om hulle deel te wil doen vir Die Voortrekkers – bou ‘n positiewe *gesindheid.*

Die bywoon van ‘n enkele kursus kan ongelukkig nooit aan al die aspekte van Voortrekkerwerk antwoorde bied nie. Daarom is daar ‘n hele aantal kursusse wat oor ‘n wye spektrum van Voortrekkerwerk aangebied word. Dit is ook juis hier waar bymekaar geleer word en geleentheid gebied word om die jeug in sy omgewing te bespreek en mekaar op te roep tot ware dienslewering. Daar word ook ruim geleentheid gebied vir eie menswees ontwikkeling en om met ander volwasse Voortrekkers te kommunikeer en inligting uit te ruil. ‘n Volwassene kan hier sy kennis en vaardighede deurgee aan ander wat minder van die onderwerp weet. ‘n Mens is nooit oud genoeg om nog iets te leer nie. Deurdat meer inligting aan alle volwassenes in ‘n kommando bekend is sal daar noodwendig minder wrywing ontwikkel omdat almal behoorlik in die basiese beginsels van Voortrekkerwerk onderlê is.

Toekomstige leiers op oord, gebied en nasionale vlak word hierdeur deurentyd opgelei. Hulle verkry hier blootstelling en het geleentheid om met die res van beweging te meng en hulle denke met mekaar uit te klaar. Sodoende word hulle gerat vir die dag as hulle ‘n leierskaprol moet oorneem. (“pipelining”)

11.2 Formele opleiding

Die Voortrekkers maak gebruik van “formele” en “informele” opleidingkursusse. Kundiges binne en buite Die Voortrekkers word gebruik om die formele kursusse aan te bied. Die verantwoordelike kommandodagbestuurslid moet toesien dat alle volwassenes gereeld by die kursusse uitkom.

Die formele opleidingskursusse word in twee groot groepe verdeel naamlik: basiese kursusse en spesialiasie kursusse.

a) Alle volwasse lede moet Oriëntering na aansluiting in die kommando deurloop.
b) Alle spanoffisiere moet Spanhanterings kursus in die eerste jaar deurloop.
c) Almal in die bestuurspan moet reeds die Bestuurskursus deurloop het of moet dit na na verkiesing deurloop.
d) Soveel as moontlik volwassenes moet deurentyd spesialisasie kursusse en verrykingskursusse bywoon en inligting met kommando deel.

Die oriënteringskursus moet in die kommando aangebied word aan die hand van die dokumentasie wat vir die doel opgestel is. ‘n Ervare kommandoleier of ‘n adjunkkommandoleier kan dit self aanbied maar daar kan ook gebruik gemaak word van kursusaanbieders wat in die gebied funksioneer.

Gebiedsdagbesture reël gereeld formele en informele kursusse in die gebied. Sien toe dat alle volwassenes gereeld hieroor ingelig word. Almal se tyd is beperk maar dalk is daar net ‘n bepaalde naweek wat iemand wel tyd het om ‘n kursus te gaan volg.

11.3 Informele opleiding

Informele geleenthede word meestal aangebied in die kommando. Gebruik ervare persone in die kommando, oord of kursusaanbieders van die gebied om die nodige aspekte van Voortrekkerwerk of verwante inligting aan volwassenes in die Kommando oor te dra.

Daar word ook tydens oordbyeenkomste, gebiedskampe en gebiedsaktiwitiete geleentheid gebied om informeel opgelei te word. Die inligting van diesulke geleenthede moet ook deurentyd aan volwassenes deurgegee word en hulle moet gemotiveer word om dit by te woon.

11.4 Opleidingsplan vir Voortrekkerkommando

Die opleidingsplan vir volwassenes wat deur Die Voortrekkers beskikbaar gestel is, is ‘n handige hulpmiddel om die stand van elke Voortrekkerkommando se opleiding te bepaal.

Gaan sit ten minste een maal per jaar met al die volwassenes en in besonder een tot een gesprek en vul die opleidingsplan in.

11.5 Hoe kry ons die Volwassenes by kursusse

a) Kinders moet tuis versorg word - stel hulp beskikbaar.
b) Saans alleen ry gevaarlik – skep saamry geleenthede.
c) Reeds ou Voortrekkers – lekker van kursus weer by hulle beklemtoon
d) Finansiële las groot – hulp uit kommandokas aanbied
e) Op kampe is offisiere se hulp noodsaaklik – staatmakers en ouers hier gebruik

12. HULPMIDDELS BESKIKBAAR IN VOORTREKKERKOMMANDO

12.1 Literatuur – eie biblioteek

Elke Voortrekkerkommando moet een volledige stel Voortrekker literatuur beskikbaar hou vir naslaan doeleindes. Daar kan ook voortdurend gekyk word of ander nuttige literatuur wat met aanbiedings gebruik kan word nie dalk aangeskaf kan word nie. Die literatuur moet ten minste jaarliks aan Kommandobestuur vertoon word sodat daarvan kennis geneem kan word wat algemene beskikbaarheid en inhoud betref. Maar gee asseblief ook ‘n volledige lys van literatuur wat in die kommando of op die webblad van Die Voortrekkers beskikbaar is aan al die lede van die Kommandobestuur.

Die AKL Administrasie moet seker maak dat die nuutste literatuurlys altyd van die webblad van Die Voortrekkers bekom word. Hierdie lys sal nie in die publikasie geplaas kan word nie omdat dit voortdurend opgedateer word.

12.2 Hulp met aanbiedings – menslike hulpbron!

Daar is altyd ouers, lede van die gemeenskap, Staatmakers, Jeugvriende, Heemraadslede en mede Offisiere wat graag per geleentheid hulle persoonlike kennis of vaardigheid met die jeuglede sou wou deel. Die Voortrekkerkommando moet altyd seker maak dat diesulke persone in die gemeenskap gewerf word en stel hulle name en spesifieke hulp wat bruikbaar is aan die hele Kommandobestuur beskikbaar

12.3 Spesialisasies reeds uitgewerk en jaargroep leêrs – dra oor

Almal se tyd is beperk en wanneer dit nog kom by verkryging van inlgting rondom spesialisasies raak die bronne soms skraps en word inligting afgeskeep. Maak dus ‘n permanente reëling in die Voortrekkerkommando dat alle inligting elektronies gestoor word na die aanbied van ‘n kenteken sodat aan ‘n volgende spanoffisier deurgegee kan word vir gebruik.

Daar is ook verskeie male gerapporteer dat spanoffisiere aanbiedingsmetodes en bykomende inligting vir ‘n bepaalde jaargroep se graadwielwerk in ‘n leêr plaas en aan die volgende jaargroep oorhandig vir gebruik en bywerking. ‘n Waardevolle hulpmiddel!

12.4 Algemene hulpmiddels bruikbaar in ‘n Voortrekkerkommando

Daar is oneindig baie hulpmiddels wat in ‘n Voortrekkerkommando waardevol kan wees. Stel ‘n volledige lys van alle bruikbare hulpmiddels op en by wie dit gekry moet word op en gee aan die Kommandobestuur.

Hou ook ‘n lys by van items wat nog benodig word sodat lede van Kommandobestuur vir ‘n winskopie, skenking of donasie op die uitkyk kan wees. As iemand graag ‘n bydrae aan die Voortrekkerkomando wil lewer kan die lys aan hom/haar verskaf word van hulpmiddels wat benodig word en geborg kan word.

Items wat baie sinvol in Voortrekkerkommandos gebruik kan word sluit die volgende in:

Vervoermiddels	Fakkels	Noodhulpkas
Tente	Speletjies	Tou
Megafoon	Truprojektor	Fotostaatmasjien
Rekenaar	Liaseerkabinet	Kamera
Geldkassie	Vlagpale	Vlagstaanders
Vlae	Radio’s	Klankstelsel
Kookaparaat	Vlotte	Kompasse
Blaaiborde	Seinapparaat	Flitse
Tafeldoeke	Eetgerei	Borde/koppies
Trommels	Gasbottels	Gasplate
Gasligte	Urn	Tafels
Stoele	Troffees	Eie lokale
Tuinbou apparaat	Koeldrankhouers	

12.5 Internet inligting

Webblad van Die Voortrekkers, Gebied, Gebiedskampe, ensomeer ens.....
Ook webblaaie van ander organisasies en bronne van inligting – Boy scouts.

12.6 Wat is in Die Voortrekkers beskikbaar

Kampterreine (gebied en nasionaal),
Transvaalse Voortrekkers: Dataprojektor, blaaiborde, klein konferensielokaal

13. ERKENNING

13.1 Wie is hiervoor verantwoordelik

Dit is die kommandobestuur se plig om toe te sien dat gereelde en korrekte erkenning aan al sy lede toegeken word. In die verband word verwys na verskeie hoofstukke in die reglement nl hfst 6 (voorslag), hfst 7 (hoofleierswag en presidentsverkenner), hfst 10 (getroue diens), hfst 11 (besondere prestasies) hfst 20 artikel 8.12 (algemene bepalings)

In die algemeen word baie keer gehoor dat ‘n lid nie in die Voortrekkers is omdat hy/sy erkenning moet ontvang nie, maar daar is geen mens in die wêreld wat nie van regmatige erkenning hou nie. Moenie enige vorm van erkenning van ‘n lid weerhou nie.

Goeie wenk: Die kommandodagbestuur moet gereeld, maar beslis aan die begin van die derde termyn seker maak dat alle vorms van erkenning behoorlik oorweeg is en dit aan die Kommandobestuur deurgee vir oorweging. Sit dus maar elke jaar dit in die beplanning en sien toe dat alle inligting bekom word.

13.2 Getroue diens toekenning

Sien die bepalings in die reglemente hoofstuk 10. Daar moet spesifiek daarop gewys word dat elke kommandobestuur self die waarde van “pligsgetroue, verantwoordelike en eerbare” diens moet bepaal nadat die persoonlike omstandighede van elke lid en die situasie in die gemeenskap in ag geneem is.

13.3 ABC toekenning

Alle Voortrekkerkommandos moet vanaf 2007 ‘n ABC punt volgens die bepalings van die betrokke reglement toeken. Die beoordeling moet billik en noukeurig gedoen word volgens die maatstawwe en moet deurentyd aangetek word. Wanneer ‘n lid vertrek moet die betrokke ABC punt op die loopbaanrekordkaart aangeteken word.

13.4 Graadwielwerk en Basiese kursusse

Graadwielwerk vir jeuglede word aangebied volgens die betrokke handleidings en wanneer die jeuglid die betrokke jaar se werk suksesvol afgehandel het word die betrokke jaar se graadwielkenteken aan hom/haar oorhandig. Ten einde te evalueer dat die jeuglid ‘n redelike kennis van die inhoud bemeester het moet die Kommandodagbestuur ‘n billike toetsing laat aflê. Die toetsing moet deurlopend plaasvind asook ‘n teoretiese/praktiese toetsing aan die einde van die jaar. Die toekenning word gemaak as die dagbestuur van oordeel is dat die betrokke jeuglid oor ‘n aanvaarbare kennis van die jaar se graadwielwerk beskik.

Volwassenes deurloop ook basiese kursusse en tydens die kursus word bepaalde metings gedoen ten einde te bepaal dat die inhoud van die kursus verstaan word. Die nodige erkenning word direk na voltooiing van kursus gemaak.

13.5 Spesialisasie kursusse (jeug en volw)

Jeuglede kan vir spesialisasie kentekens werk wat by die aard en ouderdom van die jeuglid pas. Nadat die betrokke bestuursliggaam (Kommandodagbestuur of Oorddagbestuur of Gebiedsdagbestuur) oortuig is dat daar billik aan al die vereistes voldoen word, sal die toepaslike kenteken en sertifikaat aan die jeuglid uitgereik word.

Dieselfde bepalings geld ook vir die volwasse lede wat spesialisasie kursusse deurloop.

13.6 Voorslag toekenning vir Penkoppe en Drawwertjies

Die vereistes en algemene bepalings word omskryf in reglemente hoofstuk 6 artikel 3.2.3, die betrokke jaar se prospektus en Graadwielboek 7.

Maak te alle tye seker dat die betrokke spanoffisier presies weet wat die vereistes is en dat hy/sy deurlopend deur die Kommandodagbestuur ondersteun word in hierdie effe moeiliker jaar vir die kinders.

13.7 Hoofleierswag en Presidentsverkenner

Die vereistes en algemene bepalings word omskryf in reglemente hoofstuk 7 bylae 2, die betrokke jaar se prospektus en Verkennerlewe.

Maak te alle tye seker dat die betrokke spanoffisier presies weet wat die vereistes is en dat hy/sy deurlopend deur die Kommandodagbestuur ondersteun word. Hierdie is die laaste jeuglid jaar en moet op ‘n hoogtepunt afgesluit word vir die Verkenner.

13.8 Medaljes, Pennings en ander

Die betrokke reglement, hoofstuk 11, moet dnur die Kommandodagbestuur nagegaan word ten einde seker te maak dat hulle bewus is van die ander toekennings wat in ‘n Voortrekkerkommando gemaak kan word. Daar moet op ‘n jaarlikse basis, ongeveer in die derde termyn, seker gemaak word of daar nie volwasse lede is wat aan die betrokke vereistes voldoen nie.

13.9 Sommer ook net dankie

“Dankie is ‘n woordjie wat sê net hoe ons voel”
“Dankie is ‘n woordjie wat ons opreg bedoel” “Dankie – 3X”

Gee gereeld erkenning aan die Volwassenes – baie tyd en geld word spandeer ter wille van die jeuglede.

13.10 Trofees

Die meeste kommandos het ‘n verskeidenheid van trofees wat aan die einde van die jaar aan spanne en lede toegeken word.

Maak seker die bestaan van die trofees en die nodige vereistes is in die kommandoprosedures aangeteken sodat almal altyd weet waarvoor daar gewerk kan word.

Gee erkenning vir al die belangrike elemente van Voortrekkerwerk. Pasop om nie een aktiwiteit te oor beklemtoon nie.

a) Beste getroue bywoning

b) Voortrekkerdrag volledigheid
c) Beste projek
d) Meeste spesialisasie kursusse in span
e) Meeste graadwiel of ABC punte in spanverband

Wees baie versigtig dat die toekenning van trofees nie wrywing veroorsaak omdat daar nie deursigtig opgetree is met beoordeling nie!

13.11 Erkenningsfunksie

Hier word meestal gedink aan die jaareinde maar soortgelyke funksies kan ook deur die loop van die jaar aangebied word.
Wenke vir die aanbieding van erkeningsfunksies:

a) Maak die hele aand spoggerig – vertoonkas van die kommando
b) Die funksie moenie lank wees nie – vermy eentonigheid
c) Raak aan die emosies van amal deur gebruik van vlae, vlam, musiek ensomeer
d) Spog met die jeuglede se werk
e) Program moet afgerond wees – vul onderbrekings sinvol met musiek en voordrag aan
f) Bring eerder die hele span net een maal op die verhoog en gee al die toekennings wat spanlede individueel en die span gesamentlik verdien.
g) Maak seker dat die gemeenskapleiers juis die aand meemaak

14. KOMMUNIKASIE-NETWERK

14.1 Wat bedoel ons met effektiewe kommunikasie

Eerlik, reguit, gereeld, elke denkbare metode, elke beskibare tydjie!!

Inligting moet vry vloei van alle rigtings – behoorlike netwerk! Almal weet presies waar alles beskikbaar is en met wie om te skakel en watter inligting sinvol is om weer aan ander deur te gee! Almal na “bo”, na “middel” en “ondertoe” is altyd behoorlik ingelig ! Na **“bo”** word bedoel die Oord, Gebied en hoofkantoor. Na “**middel**” word bedoel die lede in die kommando. Na **“onder**” word bedoel die ouers en gemeenskap.

Dit is die verantoordelikheid van die Kommandoleier (of sy sekundi) om die verbale kommunikasie van die Voortrekkerkommando na bo en na onder te hanteer en die AKL Administrasie om die skriftelike kommunikasie te hanteer.

Pasop vir SMS en epos se kort metode – wrywing maklik omdat inligting soms te kort gestel word.

Kommunikasie sluit in papier, gesprek en opleidings geleenthede.

Kommunikasie is beslis ook tweerigting – oopdeur beleid

Oefen om gemaklik te kommunikeer en selfs van verskeie hulpmiddels gebruik te maak

Waar daar van skriftelike kommunikasie gepraat word dink ons ook aan e-pos, webwerf, sms en gewone pos.

14.2 Omsendbriewe en Inligtingsbrief en Hou Koers

Dit is onrealisties om te glo dat die inhoud van die Omsendbrief (gebied) en Inligtingsbrief (hoofkantoor) en Hou Koers deur almal gelees word tesame met al die ander huishoudelike leeswerk. Die AKL (admin) of dalk ‘n ander kommandodagbestuurslid moet die inligtingsbrief of omsendbrief met ontvangs lees, kort opsom en inhoud onmiddelik, verkieslik skriftelik, aan almal op Kommandobestuur deurgee. Moenie wag todat dit eers op ‘n vergadering “behandel” word nie – dan is inligting dalk oud en buitendien luister niemand meer na voorlesings nie. Maak almal ook deurentyd bewus van gebruik van webblad waarop al die inligting geplaas word.

Die Hou Koers lyfblad is soos ‘n tydskrif wat gelees word in vrye tyd. Dit bevat algemene nuus, wenke vir aktiwiteite en fotos. Elke kommando moet gereeld inligting en fotos deurgee aan die Hou Koers. Dit laat die kommando belangstel om Hou Koers te lees en dit gee geleentheid aan ander kommandos om suksesvolle projekte ook in hulle omgewing te organiseer.

14.3 E-pos en Webwerf

Inligting geplaas as volg – sien beleidsraamwerk van Transvaal

Voortrekkers.org.za

14.4 Inligting na lede

Inligting van Voortrekkeraktiwiteite en besluite van vergaderings en opleidings sessies moet vrylik na volwasse en jeuglede deurgaan!
Vergaderings, inligtingsbriewe, Epos, SMS, webblad vir kommando, afkondigings by skool, skool se omsendbriewe of verspreiding via skool.

14.5 Inligting na ouers en gemeenskap

Praat met ouers – ouer vergaderings/jaarvergaderings
Spanoffisier praat informeel
Gee inligting per skrywes – kort en kragtig – niemand lees opstelle nie!
Briefhoof en formaat van skrywes - professioneel
Stel bekend aan webwerf en Hou Koers

14.6 Vergaderings, konferensies, opleiding en kongres

Bywoon van al hierdie geleenthede deur volwassenses dra by tot beter oordra van inligting – “so uit die perd se bek”. Daar is ook geleentheid vir terugvoering, deurgee van probleme – tweerigting gesprek. Die lewe is nie reeds volmaak nie – ons leer bymekaar – ons bly maar altyd ‘n jong span! Voortrekkers leer mekaar hier ken en wissel gedagtes rondom Voortrekkers.

Die kommandobestuur moet altyd toesien dat oordbestuur, gebiedsraad en kongres behoorlik bygewoon word. Maak altyd seker dat alle gevraagde inligting van die kommando beskikbaar is. Nuwe wenke, voorstelle, probleme en vrae moet ook voortdurend aan die betrokke vergaderings gekommunikeer word. Beskrywingspunte moet ook vir die gebiedsraad en kongres voorberei word.

Daar is ook reeds genoem dat formele en informele opleidingsgeleenthede bygewoon moet word.

14.7 Voortrekkers buite kommandoverband

Daar word Voortrekkers benodig wat op die volgende wyses diens aan Die Voortrekkers kan lewer:

a) Oord-, Gebieds- en Hoofdagbestuur
b) Nasionale en Gebiedskomitees
c) Gebiedskampe
d) Taakgroepe

Volwassenes moet gemotiveer word om ook hier met die res van die Voortrekkers te kommunikeer en hulle talente in te span tot Voortrekkers in die breë omgewing.

Die betrokkenheid op hierdie vlakke bied ook ruim ontwikkeling van eie vermoë.

14.8 Uitnodiging van leiers en gaste

Voortrekkerleiers en ander gaste word van tyd tot tyd uitgenooi ten einde kleur aan ‘n bepaalde aktiwiteit te verleen. Dit is egter meer as net kleur want dit bied geleentheid om leiers te leer ken en met hulle op grondvlak te kommunikeer.

In die reglemente hoofstuk 3 artikel 13.15 asook hoofstuk 28 (protokol) word riglyne verskaf waarvolgens die uitnodigings hanteer moet word.

15. VERGADERINGS

Alle vergaderings van Die Voortrekkers word gehou ooreenkomstig die bepalings in die reglemente hoofstuk 18 en algemene aanvaarde vergaderingsprosedure (sien Verkennerlewes vir ‘n kort opsomming)

15.1 Vergaderings op Kommandovlak

Elke Voortrekkerkommando moet die volgende vergaderings op die jaarprgram akkomodeer

a) Jaarvergadering
b) Kommandobestuur
c) Kommandodagbestuur
d) Offisiereraad
e) Heemraad
f) Jeugraad

15.2 Vergaderings prosedure

Die effektiewe gebruik van vergaderingsprosedure verkort baie beslis ‘n moontlike lang en eentonige vergadering.

Die volgende is van groot belang:

a) Stel meer volledige sakelyste vooraf aan lede van die betrokke vergadering beskikbaar.
b) Bepaal die kworum wat teenwoordig moet wees vroegtydig en skakel eerder weer ‘n paar persone indien daar met aanvangstyd van vergadering nog nie

‘n kworum is nie – ‘n vergadering wat uitgestel word plaas weer druk op ‘n klomp mense se tyd.

c) Handel die konstituerings gedeelte van die vergadering vinnig en effektief af sodat aandag aan die sake wat bespreek moet word gegee kan word.
d) Stel inhoud van verslae, omsendbriewe en inligtingsbriewe vooraf beskikbaar – ‘n kort opsomming hiervan in die sakelys as bylaag kan baie help!
e) Beperk spreekbeurte tov ‘n spesifieke saak tot dit wat saak maak maar beperk ook die tydsduur van ‘n gesprek – Voorsitter moet simpatiek maar beslis wees!
f) Voorsitter moet die volgende begrippe goed verstaan en kan toepas: Voorstel, amendament, amendament op ‘n amendament, op ‘n punt van orde en ordevoorstel, stemprosedure

15.3 Notulering

Die konsep notule van ‘n vergadering moet binne twee weke aan lede van die vergadering beskikbaar gestel word vir kommentaar. Bepaal die tydperk waarbinne kommentaar deurgegee moet word en finaliseer die notule. Bekragtig net die volledige inhoud tydens die volgende vergadering.

In besluite moet die beginsel van volledigheid gehandhaaf word. Wie moet wat doen, wanneer, waar en hoe. Laat die finale besluit behoorlik uitstaan – kursief of donker lettertipe, blok besluit, nommer besluit ensomeer.

15.4 Opvolg van besluite

Hoekom hou ons vergaderings as die besluite wat ons neem nie behoorlik uitgevoer en afgehandel word nie?
Maak altyd seker dat al die betrokke persone wat in besluite genoem word behoorlik van die besluit kennis neem en betyds aan die saak aandag gee. Die sekretaris kan gerus ‘n kontrolekolom (aksieblad) byhou om sake te kontroleer wat verder hanteer moet word. Moenie wag tot met die volgende vergadering waar die saak dan net weer oorstaan tot ‘n volgende vergadering.

16. DIE JEUGLID IN DIE VOORTREKKERKOMMANDO

16.1 ‘n Roeping teenoor die jeug van ons Afrikanervolk!

Elke volwassene wat betrokke is by Die Voortrekkers moet seker besef dat ons ‘n groot verantwoordelikheid, maar meer nog, ‘n roeping teenoor die jeug van ons Afrikanervolk het om hulle te koester en op die regte lewenspad te plaas. Die Voortrekkers is nie alleen met hierdie roeping besig nie maar pak dit saam met die ouers, skole, kerke en ander soortgelyke organisasies aan.

Die Voortrekkers probeer om van elke lid ‘n verantwoordelike Afrikaner, toegewyde Landsburger en ‘n entoesiastiese Christen te maak!

16.2 Om die Afrikanerjeug van vandag te ken!

Met inagneming van die wese van Die Voortrekkers gaan dit dus in besonder oor die jeug van die Afrikanervolk. Ken ons die jeug werklik? Dis logies om van elke volwassene te verwag word om deurentyd moeite te doen om meer kennis te bekom en vaardighede te bemeester om met toegewydheid die jeug te lei. Lees oor die jeug, praat met die jeug en werk met die jeug! Gee ons geleentheid vir hulle om te praat terwyl ons ook luister? Kyk na jeugraad par 16.5

As gevolg van die gereelde en jarelange kontak tussen jeuglid en volwasse lid asook die unieke span en kampomstandighede skep dit baie geleenthede vir jeuglede om persoonlike sake met die spanoffisier te hanteer. Die spanoffisier sien ook baie keer ‘n probleem raak voordat dit regtig ten volle eskaleer. Die jeuglid se negatiewe gedrag moet te alle tye raakgesien word! Dink maar net aan rook, drank misbruik, dwelms, satanisties neigings, seksuele beheptheid, pornografie, prestasies wat afneem en dieetsiektes

‘n Kind soek liefde, erkenning, sien my raak, sekuriteit en dit kan maklik deur die ouers of enige volwassene ingeperk word. ‘n Kind wat verder ook sukkel met skoolwerk, gespot word deur ander kinders om watter rede ookal, gebroke gesinne, finansiële probleme in gesin, chroniese siekte, ensomeer kan maklik probeer kompenseer deur negatiewe gedragspatrone.

Die Voortrekkerkommando moet sy volwassenes motiveer om belanstelling in die jeug te toon en aktief die rol van waaksaamheid teenoor die jeug op te neem. Gee betyds aan enige probleem aandag deur dit aan kundige persone in die gemeenskap deur te gee soos skoolhoofde, predikante, sielkundiges of die kinderbeskermingseenhede. Behou die vertroue van die kind deur alles diskreet te hanteer en enige handeling met hom/haar persoonlik uit te klaar. Bid vir die kind en vertel hom/haar daarvan!

16.3 Om goeie spanoffisiere vir spanne te wees!

Spanindeling en spanoffisier toedeling moet deur Kommandodagbestuur gedoen word in oorleg met die beskikbare spanoffisiere aan die einde van die vorige jaar sodat leemtes betyds geidentifiseer kan word en beplanning daarvoor gedoen kan word!

Die spanne in Voortrekkerkommandos word meestal so ingedeel dat portuurgroepe bymekaar is maar geslagte geskei is. Dit is wel ‘n probleem met klein gemeenskappe waar daar dan min Voortrekkers is. Dit sal hier beter wees om in die jonger ouderdomsgroepe seuns en dogterspanne van verskillende ouederdomme saam te groepeer en in die ouer ouderdomsgroepe weer gemengde spanne van dieselfde ouderdomsgroep saam te voeg.

Dit is soms nodig om ‘n kind met ernstige gedragsprobleme in oorleg met die ouers tydelik weg te hou uit die span sodat die oulike kinders nie sondermeer onttrek nie. Probeer egter saam met die ouers om die kind te help om weer sy betrokkenheid later voort te sit.

Waar dit gebeur dat ‘n spanoffisier, lede van die span en selfs ouers ernstige meningsverskille gehad het moet die Kommandodagbestuur eerlik besluit wat die beste vir die span en gemeenskap is. Plaas die span oor in die sorg van ‘n ander spanoffisier indien dit tot die voordeel van die span in totaal is. Dit mag ook gebeur dat ‘n span verdeel word om kinders te akkomodeer. Bly positief hieroor – eerder twee groepe wat Voortrekkers wil bly as kinders wat buite staan en Die Voortrekkers afkraak van die kantlyn!

Pasop vir die pedoefiele!! Hulle is ook maar net gewone mense wat weet dat daar geleenthede in Die Voortrekkers bestaan!!

16.4 Om Voortrekkerwerk af te handel!

Die hoofsaak van ons aktiwiteite is om Voortrekkerwerk af te handel. In Voortrekkerkommandos en spanne waar dit afgeskeep word gaan dit beslis slegter. Ouers en jeuglede moet besef dat ons hier is om waarde toe te voeg totdie kind. As hy/sy hier is vir sports dan moet besef word dat die sports met ‘n spesifieke doelwit bestuur gaan word. Die Voortrekkers is nie maar net nog ‘n pretpark wat kinders besig hou nie.

Alles wat ons doen om die grondslag, wese, doelstellings en kode van Die Voortrekkers te bevorder kan as Voortrekkerwerk gereken word en dit sluit beslis die volgende in:

a) **Graadwielwerk** moet deur die loop van die jaar met die beste aanbiedingsmetodes tot die spanoffisier se beskikking hanteer word.
b) Elke span moet ook voortdurend aan **spesialisasie kursusse** werk.
c) **Kampe** in span-, kommando- en gebiedsverband is noodsaaklik.
d) **Uitstappies** vir die span,veldkornetskap of kommando kan gladnie uitgelaat word nie!
e) Enige **avontuur ryke** aktiwiteite wat by die ontwikkelingsouderdom van die span pas kan met die nodige insette en leiding van ‘n volwassene ‘n fantastiese Voortrekker aktiwiteit word – dink altyd kreatief.

16.5 Kommandojeugraad en Kommandojeugleiers

Die funksionering van kommandojeugrade en kommandojeugleiers word in die grondwet artikel 22.2 en reglemente hoofstuk 6 bylae 1 en hoofstuk 20 artikel 7 omskryf. Die praktiese funksionering van die kommandojeugraad onder leiding van die kommandojeugleiers word egter meestal nie behoorlik bestuur nie. Die gebruik van jeugrade in kommandos kan werklik beter uitgebou word.

Die volgende wenke:

a) Die gebruik van Penkop en Drawwertjiejeugraad word tot die Gr 4 tot 7 spanne beperk.
b) By die Verkenerjeugraad vir verkenners kan die hele seniorspan (Gr 11/12) as span dalk deel vorm van die jeugraad sodat hulle as groep leierskapservaring opbou. Hulle ken die werksverrigting van die kommando al reeds teen die tyd goed en kan as span ook goeie leiding gee en aktiwiteite help organiseer.
c) Betrek die Gr 7 span se spanleiers in die Verkennerjeugraad.
d) Die veldkornet of adjunkkommandoleier wat die jeugraad bedryf moet gemaklik en spontaan met hulle kommunikeer
e) Skep geleentheid om die spanleiers tydens die jeugraad vergaderings rondom Voortrekkerwerk te motiveer en leierskapsontwikkeling te doen.
f) Die insette van die jeugraad moet werklik tasbaar gebruik word met aanbiedings van Voortrekkerwerk in die kommando.
g) Gee geleentheid vir terugvoering oor aktiwiteite en luister na aanbevelings – maak sinvolle aanbevelings egter ook deel van die toekomstige beplanning!!
h) Skep geleentheid om as jeugraad ‘n aktiwiteit/projek te reël – gee selektief leiding.

Die aanwending van die onderskeie kommandojeugleiers in die Voortrekkers en in die skoolgemeenskap moet in elke kommando behoorlik omskryf word –

gebruik die kommandoreëls. Dit help absoluut gladnie as jeuglede tot die portefeuljes verkies word maar hulle geen idee het wat hulle moet doen nie. Hier volg ‘n paar wenke:

a) Woon een maal ‘n jaar ‘n gesprek saam met betrokke skoolhoof by.
b) Versoek spreekbeurt by skool se leerlingraad.
c) Gee ‘n spreekbeurt aan elkeen op kommandobestuur.
d) Versoek hulle om voor elke dagbestuursvergadering iets oor sy persoonlike waarneming van Voortrekkers in die skool en gemeenskap beskikbaar te stel.
e) Gebruik ruim met alle seremonies wat aangebied word.
f) Tydens uitstappies moet hulle versoek word om sigbaar leiding te neem en mede verantwoordelikheid te aanvaar.
g) Gee opleiding aan hulle tov groepshantering, openbare optrede ensomeer.

16.6 Gr 7 oorgang na Gr 8

Dit is redelik duidelik oor die afgelope paar jare dat die grootste getal jeuglede verloor word vanaf Gr 7 na Gr 8.

Die volgende moet aandag verdien as Gr 7 jeuglede behou wil word.

a) Die spanoffisier wat die span in Gr 8 gaan neem moet reeds in die middel van die vorige jaar bekend wees aan die span sodat hulle saam met hom/haar kan begin werk.
b) Die spesifieke akademiese aard van ‘n Gr 7 jeuglid se Voortrekkerwerk moet aan hom/haar verduidelik word teenoor die avontuur wat hy weer as Verkenner gaan beleef as Gr 8 jeuglid.

17. SLOT OPMERKINGS

Die Voortrekkerkommando is dus duidelik die plek waar behoorlike beplanning, organisasie en samewerking die funksionering van elke span ten sterkste bevoordeel.

Doen moeite om van julle Voortrekkerkommando ‘n groot sukses te maak!!